Petisies

Amanda Buys se Geestelike Dekking

Hierdie is ‘n produk deur *Kanaän Bedieninge*, ‘n nie-winsgewende bediening onder die dekking van:

- Roly, haar eggenoot vir meer as 35 jaar.

- *River of Life Family Church*
  Pastoor Edward Gibbens
  Vanderbijlpark
  Suid-Afrika
  Tel: +27 16 982 3022
  Faks: +27 16 982 2566
  E-pos: sharmain@rolfc.co.za

Daar is geen kopiereg op hierdie materiaal nie. Geen gedeelte van hierdie materiaal mag egter gereproduseer en/of aangebied word vir **persoonlike** gewin nie. Alle regte van hierdie materiaal word voorbehou om die Koninkryk van die Here Jesus Christus **ALLEENLIK** te bevorder.

Vir verdere inligting of die plaas van ‘n bestelling, kontak ons asb. by:

Posbus 15253
Panorama
7506
Kaapstad
Suid-Afrika

John Vorsterrylaan 27
Plattekloof Uitbr. 1
Panorama 7500
Kaapstad
Suid-Afrika

Tel.: +27 (0) 21 930 7577
Faks: 086 681 9458
E-pos: kanaan@iafrica.com
Webblad: www.kanaanministries.org
Kantoorure: Maandae tot Vrydae, 9 VM – 3 NM

Kanaan In Europa - Basel

Kanaan Ministries Europe
Oikos International Church
Stiftung b/e/t/e/
Reinacherstrasse 1-3
CH-4142 Münchenstein
Basel, Switzerland
Telefoon: +41 (0) 61 332 15 40
Faks: +41 (0) 61 332 15 69
E-pos: kanaanministries@bete.net
Webblad: www.eu.kanaanministries.org

INHOUD

1. Wat is ‘n petisie? 4
2. Voorbeeld van ‘n inleiding 7
3. Toestemming aan terapeut / berader om vir individu te bid 8
4. Petisie vir Berader 10
5. Redding van geliefdes 13
6. Bevryding en Beskerming van my kinders 14
7. Petisie vir Beskerming 16
8. Finansies 19
9. Eksamen 23
10. Petisie teen Vertraagde Huweliks Verwante Vloeke en Verbonde 26
11. Huwelik 31
12. Jesébel 34
13. Sielsverbintenisse 41
14. Genesing van herinneringe (“memories”) 46
15. Petisie vir basiese behoeftes 50
16. Stel jou saak in die Hemelse Hofsaal 53
17. Petisie teen my Vyande 55
18. Petisie teen Valse Profetiese Woorde 57
19. Gebed oor Kaapstad (kan gewysig word vir ander stede) 63

1. WAT IS ‘n PETISIE?

Die gebruik van petisies is 'n baie effektiewe vorm van gebed en oorlogvoering.

In 1 Tim. 2:1 sien ons dat petisies een van die vele maniere is om te bid. Dit is uiters belangrik dat ons hierdie wapen sal gebruik om die oorvloedslewe wat God ons beloof het, na te streef.

Die Hebreeuse woorde vir petisie is *shelah* of *mishelah*, wat beteken *vra, pleit, leen, 'n saak aanhangig maak, beraadslaag, eis, innig begeer, navraag doen, bid, versoek, petisie* of *wens.*

Die woord *petisie* word gewoonlik met die wet geassosieer. Ons kan net ons petisies voor God **indien** as ons wettige gronde het en ons petisies kan net **toegestaan** word as ons guns vind in God se oë.

WATTER WETTIGE GRONDE HET ONS?

Ons kan slegs staan op ons **Bloedverbond** met die Allerhoogste God deur die **Bloed van Jesus Christus van Nasaret**. Dit is die hoogste verbond wat daar is. Alle lof en dank aan God wat ons Sy Seun gegee het, want Sy Bloed is die enigste offer wat ons van ons sonde kan reinig. Dit gee ons die wettige reg om met vrymoedigheid voor God die Vader te kan kom.

Kom ons kyk na 'n paar Skrifgedeeltes oor die gebruik van petisies.

In 1 Sam. 1:17 verwys Eli na Hanna se uitroep tot God as 'n bede (petisie). In vers 15 en 16 sien ons dat Hanna voor God geween het en haar siel voor Hom uitgestort het. Sy het haar petisie tot God gerig uit haar **nood** en bittere veronregting.

Om 'n petisie tot God te rig, beteken dat jy jou **siel** voor die Here moet **uitstort**. Dit is 'n **noodkreet uit jou hart**.

In vers 27 lees ons dat God Hanna se versoek aan haar **toegestaan** het! Sy het guns gevind in Sy oë! **God skenk Sy guns aan die wat met hul hele hart na Hom roep** (Ps. 20: 4-5; Ps. 9:12).

Ons lees ook hoe Adonia, seun van Dawid, by Batseba pleit om vir hom 'n goeie woordjie te doen by Salomo (1 Kon. 2: 13-18).
In die boek Ester lees ons hoe sy haar koninklike klere aangetrek en in die voorhof van die koning se paleis, teenoor sy troonkamer, gaan staan het. Die koning was op sy troon en **toe hy haar sien, het sy guns gevind in sy oë**. Hy het haar gevra wat haar versoek was - wat dit ookal was, dit sou haar toegestaan word.

Ons moet ons ook beklee met die **koninklike kleed van Geregtigheid**. Danksy ons **geloof in Jesus Christus** het ons die wettige reg om dit te kan doen en kan ons God se troonkamer binnegaan. Danksy dit wat Jesus vir ons gedoen het, kan ons reguit tot in God se troonkamer gaan en hoef ons nie buite te wag nie (Ester 5:1).

Prys die Here! Ons kan in die teenwoordigheid kom van die Koning van alle Konings! **Ons weet dat ons guns gevind het in Sy oë wanneer ons in Sy teenwoordigheid kom, gereinig deur die Bloed van Jesus Christus van Nasaret. Ons moet ons harte ondersoek en alle sonde waarvan ons bewus is, bely. Alle sonde wat met die petisie verband hou, moet ook onder die Bloed van Jesus gebring word. Dit is baie belangrik om hier ook in die bres te staan vir die sonde van ons voorvaders** (Ps. 24: 3, 4).

'n **Rhema-woord van God oor die spesifieke versoek** (petisie) maak ook deel uit van die wettige grond wat ons nodig het om op te staan alvorens ons ons petisie kan indien.

DIE STAPPE WAT NODIG IS VIR DIE SKRYF VAN 'N PETISIE

1. Ons petisie begin met 'n verklaring van Wie ons God is. Ons God is die God van Israel, die God van Abraham, Isak en Jakob. God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees, ens.

Hierdie verklaring is soos 'n trompetgeskal in die hemele. In Num. 10:9 lees ons dat 'n trompetgeskal God daaraan herinner om aan ons te dink en ons Sy genade en guns te skenk. Dit is wat ons sal nodig hê om die vyand te kan oorwin.

2. Die volgende stap is om te verklaar wat ons wettige gronde is, soos wat ons so pas bespreek het.

Nou kan ons ons spesifieke versoek stel. Dit kan wees met betrekking tot ons huwelik, kinders, redding van 'n geliefde, beskerming tydens 'n spesifieke tydperk, geestelike deurbrake en groei, terugroep van herinneringe, of enige verborge wortels wat keer dat ek God se volheid in my lewe ervaar.

NB: Elke petisie sal uniek wees. Vir elke petisie moet jy die Skrif ondersoek en God die Heilige Gees vra om vir jou 'n Rhema-woord vir die spesifieke situasie te gee. **Dit is wat 'n petisie so effektief maak. Dit is NIE 'n formule/resep nie.**

In Matt. 18: 18-20 verseker die Woord ons dat God ons versoeke aan ons sal toestaan as ons oor 'n saak saamstem. As ons die petisie uitgeskryf het, kan ons iemand wat met ons saamstem, vra om dit saam met ons te onderteken. Ons kan ook die nagmaal gebruik as profetiese aksie van die Bloedverbond met God die Vader.

Hier volg nou 'n paar voorbeelde:

2. VOORBEELD VAN 'N INLEIDING

Hemelse Vader, God van Israel, in die Naam van U Seun Jesus Christus, wil ek nederig tot U nader. In die Naam van Jesus versoek ek dat U, as Regter oor die ganse heelal, my sal toelaat om voor U Troon te kom staan. Ek pleit by U om my regsaak aan te hoor. Ek vra U om te oordeel tussen _____ en Satan. Daarom versoek ek U dat Satan by hierdie verhoor teenwoordig sal wees.

Vader, ek verklaar onomwonde dat ek slegs op grond van die beskerming van die kosbare Bloed van Jesus Christus nou hier in U teenwoordigheid durf kom. Uit my eie is ek nie regverdig nie. Net in U Seun het ek geregtigheid.

Hemelse Vader, ek verklaar in die Naam van Jesus Christus van Nasaret dat ek glo in die God van Israel - die God van Abraham, Isak en Jakob. Dit is met hierdie God wat ek in 'n Bloedverbond staan deur die Bloed van Jesus Christus van Nasaret, die Enigste Weg, die Waarheid en die Lewe, deur wie se Bloed ek vrygekoop is. Ek glo ook in God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees.

Dit is op grond van hierdie Bloedverbond wat ek met vrymoedigheid my petisie voor U bring.

Gebruik altyd die Woord wat die Heilige Gees jou oor die saak gegee het (Rhema-woord) in hierdie gedeelte, bv.

Huwelik:	Heb. 13:4; I Kor. 7: 13, 14
Ongeredde Geliefdes:	I Pet. 3:25; Jud. :23; II Pet. 3:9; II Kor. 4:4
Veiligheid/Beskerming:	Ps. 91; Jer. 15: 20-21
Terugroep van Herinneringe:	Luk. 12: 2-3; Eks. 23: 29-30

3. TOESTEMMING AAN TERAPEUT / BERADER OM VIR INDIVIDU TE BID

Ek stem hiermee in tot ‘n terapieproses met die berader / terapeut, wat gegrondves is in die Woord van God, en ons gedeelde geloof dat die God van Israel, soos verklaar in die Bybel, die ware Skepper is van alle dinge en dat Jesus Christus van Nasaret die Seun van God en die enigste, ware Messias is.

Dat Hy gesterf het aan die kruis, neergedaal het na die hel, getriomfeer het oor Satan en al sy magte, opgestaan het uit die dood en daaroor getriomfeer het, opgevaar het na die Hemel, waar Hy sit aan die regterhand van God die Vader, heersend as Koning totdat elke vyand verpletter is onder Sy Voete.

Ons glo in die Heilige Gees, die Gees van die ware God van Israel, en deel van die Heilige Drie-eenheid. Ons glo dat Jesus Christus die enigse Bemiddelaar tussen God en die mens is en dat Hy die prys betaal het om ons almal vry te koop. Die Heilige Gees is ons Trooster, ons Helper en ons Advokaat.

In die terapie-proses is ons totaal afhanklik van die God wat ons aanbid soos hierbo beskryf, die Heilige Drie-eenheid.

Ek gee toestemming dat die berader / terapeut vir my mag bid onder leiding van die Heilige Gees en die Woord van God en om toe te laat dat inligting aan die lig mag kom gedurende ons sessies of andersins.

Ons bid die Bloed van Jesus Christus oor hierdie ooreenkoms en ons seël dan ook hierdie ooreenkoms met die Bloed van Jesus Christus van Nasaret.

Ons bid, Vader God van Israel, in die Naam van Jesus Christus van Nasaret, dat hierdie ooreenkoms sal bly staan in die gees en sal dien as ‘n teen-petisie. Ons staan op die beskerming van Psalm 91, a.g.v. die Bloedverbond met my as die berader, sowel as my geliefdes en alles wat God aan my toevertrou het in materiële en die bediening, sowel as die persoon in berading en sy/haar familie. Daarom vra ons dat Satan en sy magte nie in staat sal wees om hierdie ooreenkoms op enige wyse te beskadig of te verswak nie. Ons baseer hierdie gebed op Matt. 18: 18-20.

Datum: _____

Geteken: _____ _____
Individu Berader / Terapeut

Matt. 18: 18-20 Voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle op die aarde bind, sal in die hemel gebonde wees; en alles wat julle op die aarde ontbind, sal in die hemel ontbonde wees. Weer sê Ek vir julle: As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is. Want waar twee of drie in My Naam vergader, daar is Ek in hul midde.

4. PETISIE VIR BERADER

Hemelse Vader, ek _____ (kliënt) kom na U in die Naam van die Here Jesus Christus van Nasaret, die enigste ware Seun van God.

Ek vra Vader, dat _____ (berader) toestemming mag verkry om vir my _____ oorlog te voer, en vir die huis in ons afwesigheid.

Ek petisie verder teen alle en enige terugslag teen _____ (berader) en sy/haar gesin. Vader, ek vra U om _____ (berader) en sy/haar gesin te beskerm van alle:

- BETOWERINGS (om onder magiese formule te plaas)
- GELUKBRINGERS (daad, voorwerp of woord met magiese mag)
- KOSMIESE MAGTE (universele energieë)
- TOEWYDINGS (om toe te wy of eenkant te plaas vir boosheid)
- BEKORINGS (om onder magiese formule te plaas)
- BOSE VLOEKE (roep na iets om boosheid of skade te bring)
- HEKSERY (‘n magiese formule of vloek)
- BEHEKSING [Hoo-doo] (bringer van ongeluk)
- TOWERSPREUKE (woorde gebruik in die uitspreek van ‘n magiese formule)
- ONHEILBRINGERS [Jinxes] (persoon of ding gebruik om ongeluk te bring)
- MAGIE – WIT, SWART OF ROOI (gebruik van bonatuurlike krag om beheer te verkry oor
- OOREENKOMSTE (ongoddelike ooreenkoms of verdrag)
- PSIGIESE MAGTE (ekstra-sensoriese okkulte mag teen die siel of verstand)
- RITES EN RITUELE (prosedure van bose seremonies)
- TOWERY (magie met behulp van bose geeste)
- VERRUKKING (woorde met mag gebruik om in vervoering te bring of te verstrik)
- TREITERINGE (magie gebruik om kwaad te maak, te irriteer en die verstand te pla)
- VOODOO (heksery wat magiese rites insluit)

- HEKSERY EN TOWERY (gebruik van magie om mag te verkry oor)

...wat op hulle geplaas is deur enige ander persoon of persone, of van enige okkulte, kultiese, sataniese, psigiese of kosmiese oorsprong.

Beskerm hulle Here, van alle vloeke, towerformules en towerspreuke wat teen hulle kan kom van ander mense wat teen hulle bid of skryf of vloeke uitspreek teen hulle. Ek vra U om hulle te beskerm van alle sataniese skilde, seëls, toestelle of meganismes wat gebruik word om mee seer te maak, te teister, te manipuleer of sy/haar gesin te beheer.
Beskerm _____(berader) en sy/haar gesin Here, van alle en enige terugsalg wat satan mag bring teen _____ (berader) of sy/haar gesin en sy/haar oorlogvoering namens my. Ek pleit die Bloed van Jesus oor hom/haar en sy/haar gesin vir hul beskerming. Ek erken dat Jesus Christus die Here is in hul huis en dat dit heilige grond is.

Ek petisie teen die gees van die dood, die gees van siekte, en die gees van waansin. Ek petisie vir ‘n gesonde verstand en van dissipline en selfbeheer.

Ek vra dat U _____ (berader) en sy/haar gesin sal bewaak en hulle in volmaakte vrede in U sal hou, dat hulle nie lastig geval, banggemaak, gepla, gesteur, vreesagtig, geintimideer of ontwrig sal word nie; dat hulle sal moed skep, vol vertroue wees, seker en onbeweeglik; en dat geen verdrukkings, beproewings, moeilikhede of frustrasies naby hulle sal kom a.g.v. hul verbintenis met my nie.

Ek bid vir wysheid, openbaring, kennis en begrip vir _____ (berader), sodat die oë van sy/haar hart verlig sal word; dat hy/sy sal weet en verstaan wat die hoop is waartoe U hom/haar geroep het. Ek vra U om hom/haar die gees van berading en mag en die vrees van die Here te gee.

Ek vra dat _____ (berader) gevul mag word met die voller, dieper en duideliker kennis van U wil en ‘n begrip en onderskeiding van geestelike dinge aangaande my huis. Gee aan hom/haar insig, Here.

Vader, ek vra U om _____ (berader) te vul met U teenwoordigheid op hierdie oomblik. Vul hom/haar, en rus hom/haar toe om oorlog te voer vir hierdie huis. Voeg hom/haar met U Woorde, want dit is oorvloedige lewe. Niks wat hy/sy doen sal onmoontlik wees nie Here, wat by U is niks onmoontlik nie. Here God Almagtig, open sy/haar ore en die opgaartenk van sy/haar hart om van U te kan ontvang. Here, laat sy/haar gawes gelig word; diepte roep tot diepte. Laat U riviere van lewende water uit hom/haar vloei. Skink U salwing uit op hom/haar sodat hy/sy mag spreek oor elke saak op U hart in hierdie situasie. Verwyder elke wolk van duisternis wat wil plaasneem. Vul elke plek waar sy/haar voete stap, met U lig.

Danie vir sy/haar geloof. Dankie dat U alle dinge onder U beheer het. Dankie dat U hom/haar wys watter weg om te kies in alle dinge.

Vader, nou, in Jesus Naam, vra ek dat U hom/haar U genade en moed sal gee. Vul hom/haar met selfs meer moed en nog meer vertroue in U. Ek vra dat U nou op hom/haar sal rus. Gee aan hom/haar staal in plekke waar dit swak is en té buigbaar is. Gee aan hom/haar standvastigheid in U.

In Jesus Naam bid ek. Amen

GETEKEN: _____

GETEKEN: _____

DATUM: _____

5. REDDING VAN GELIEFDES

[Inleiding]

Vader, volgens U Woord in II Petrus 3:9 is dit nie U wil dat enigiemand verlore sal gaan nie. Daarom wil ek pleit dat U _____ uit die koninkryk van die duisternis sal uithaal en sal oorbring in die koninkryk van die Seun van U liefde (Koll. 1:13). Ek pleit dat U hom/haar na U toe sal trek en uit die vuur sal uitpluk volgens U Woord in Judas :23.

Ek pleit teen die vyand se beheer en misleiding oor die lewe van _____. Ek bind die god van hierdie wêreld wat hulle sinne verblind het en pluk nou die sluier voor hulle oë weg sodat hulle U lig kan aanskou en U Waarheid sal sien (II Kor. 4: 4-6). Ek pleit dat U Uself op so 'n wyse aan hulle sal openbaar, dat hulle met U sal kan identifiseer as Vader, as Vriend, as Raadgewer, ens.

Vader, U Woord sê dat U ons omring met U beskerming (Job 5:23), daarom wil ek in die Naam van Jesus Christus van Nasaret pleit dat U sal doen wat daar in U Woord in Hosea 2: 5-6 geskrywe staan. Ek versoek dat U 'n heining van doringtakke om _____ sal plaas sodat hulle nie meer vreugde sal vind in die najaag van wêreldse plesier nie en sal besef dat net U (hul eerste liefde) hulle kan gelukkig maak en hulle behoeftes kan vervul.

Dankie, Vader, dat U die **wêreld** liefgehad het en U **Seun** vir ons gestuur het. Ek verheug my in U en bring U al die lof en die eer. Dankie dat _____ beslis nie sal sterwe nie, maar sal lewe om die eer en heerlikheid van God te verkondig (Ps. 118:17).

Datum: _____

Geteken: _____
(Josua 24:15)

6. BEVRYDING EN BESKERMING VAN MY KINDERS

[Inleiding]

Almagtige Vader, in ooreenstemming met Lev. 5: 17-19 en Ps. 19: 11-12 bring ek nou alle sonde voor U Troon - sonde in my bloedlyn, dié waarvan ek weet sowel as dié waarvan ek nie weet nie (verborge sonde). Ek vra U vergiffenis en bring dit onder die Bloed van Jesus Christus van Nasaret.

Ek rig my petisie teen die gees Allastor (die gees wat aangestel is om die sondes van die vaders aan die kinders te besoek), teen elke hekwagter, elke familiëre gees en leiergees wat oor my kinders aangestel is. In die Naam van Jesus Christus van Nasaret bind ek hulle en stroop hulle van hul aanstellingspapiere.

Ek kom teen die god van hierdie wêreld, wat die verstand verblind. Ek versoek dat hierdie verblindende effek nou deur die vuur van die Heilige Gees vernietig sal word. Ek kom teen die stem van hierdie wêreld wat roep na my kinders. In die Naam van Jesus Christus maak ek nou hierdie stem stil. Ek verbreek die vloek van wêreldsgesindheid. Ek kom teen die prins van duisternis en in die gees stroop ek hom van enige rangtekens of outoriteit wat hy oor my kinders mag hê. Ek kanselleer enige opdrag teen hulle lewens.

Ek kom teen die berg van vernietiging en eis elke deel van my kinders se liggaam, siel en gees terug van hierdie berg. Ek verbreek enige vloek van onterwing oor my kinders en kanselleer die opdrag van enige demoniese mag wat hieroor aangestel is. Ek plaas my kinders binne die ommuring van God (Jes. 11:2). Vader, ek versoek U nou om hierdie vloeke te verander in seën, die seën om mede-erfgename van Christus te wees (Ef. 3:6; Rom. 8:17).

Ek kom teen Satan se toekomsplanne vir my kinders en ek sluit nou enige agterdeure wat hy wil gebruik om hulle aan te kla, ook ten opsigte van hulle keuse van huweliksmaats, hul beroepskeuses, ens. Vader, ek pleit dat hulle lewens volgens U plan sal verloop (Jer. 29:11; Ps. 139: 16-17).

Ek kom teen die planne wat verbind is met die son, maan, sterre, planete, kosmos, konstellasies en groeperings van die hemelliggame. Ek sny my kinders los van hierdie dinge in die Naam van Jesus Christus van Nasaret. Ek kom teen enigiets wat in die sterre opgeteken staan, asook teen enigiets anders wat hier van toepassing mag wees, hoewel dit nie noodwendig genoem word nie.

Vader, ek versoek U om vanuit U Troonkamer bevel te gee dat Satan en sy agente (menslik of andersins) verhinder sal word in enige verdere pogings om my kinders te steel, te vermoor of te vernietig en hulle van die waarheid en die oorvloedige lewe te weerhou (Joh. 10:10).

Vader, ek pleit dat my kinders soos olyfboompies sal wees - vol van die salwing van U Gees soos daar in Ps. 128: 3(b) geskrywe staan.

AMEN.

Datum: _____

_____ _____ _____ _____

Naam 1 Naam 2 Naam 3 Naam 4
(name van kinders)

[*Teken name om ooreenkoms te bekragtig. Gebruik nagmaal en bring die petisie voor God*.]

7. PETISIE VIR BESKERMING

Abba Vader, God van Israel, ek kom na U in die Naam van U Seun, Jesus Christus van Nasaret. Ek eer U as my Soewereine Koning. U is die Enigste Almagtige en Enigste Wyse God. U is goed en liefdevol in al U weë. Ek het U lief en ek dank U dat ek herenig is met Jesus en geestelik lewendig is in Hom.

Ek kom nederig, en IN DIE NAAM VAN JESUS voor U troon:

- Ek bely enige onvergeefde sonde en vra vir U genade, vergifnis en reiniging deur my belydenis en berou, volgens **1 Joh. 1:9**.
- Ek verklaar dat ek voor U staan op grond van die volmaakte en voltooide werk van Jesus aan die Kruis, bedek met Sy Bloed en geklee in Sy geregtigheid;
- Ek verklaar ook dat ek verlos is uit die hand van satan en dat al my sondes vergewe en weggewas is deur die Bloed van Jesus.

IN DIE NAAM VAN JESUS CHRISTUS VAN NASARET, PETISIE EK VIR U GODDELIKE BESKERMING VIR MYSELF, SOWEL AS VIR MY GESINS- EN FAMILIELEDE, INTIEME VRIENDE, VERHOUDINGS, FINANSIES, GESONDHEID, TROETELDIERE EN BESITTINGS EN ENIGIETS ANDERS WAT VERBAND HOU MET MYSELF, MAAR NIE HIER GENOEM IS NIE:

Ek petisie U om MY te beskerm met die geestelike wapenrusting volgens **Efesiërs 6**; deur die mag van U Naam volgens **Mattheus 12:21, Psalm 144:1-2,** deur U **engele** wat ‘n **heining** rondom my sal vorm (**Psalm 103:20, Psalm 91; Hebreërs 1:14),** deur die **Bloed** van Jesus U Seun (**Kolossense 1:20)** en met ‘n **muur van vuur** rondom my, volgens **Sagaria 2:5.**

Ek petisie U om my te beskerm en alles anders wat genoem en nie genoem is nie, teen **owerhede, magte, bose geeste** in die lug, **mensgeeste, wêreldse sisteme en organisasies,** enige vorm van **energie** wat teen my gestuur word, **liggolwe, klankgolwe, kosmiese** energie, magte vanaf die **planete, sterre, maan en son,** of ander **sterrestelsels,** magte uit die **waters**, magte van onder die **aarde,** magte vanuit die **realms van die dood** of uit die **hel** of enige ander vorm van mag nie genoem nie, maar toepaslik. **(Rom. 8:34-39; Ps. 140; Ps. 148).**

Ek petisie vir my algehele beskerming, liggaam, siel en gees.

Ek petisie U om my te bevry uit die mag van **satan, Lucifer,** die **dier,** die **anti-Chris** en die **vals profeet (Kol. 1:13,14).** Verder petisie ek U om my te red van **kosmiese magte** (son, maan, sterre, planete, sterrestelsels, hemelse en enige ander kosmiese mag nie genoem nie, maar toepaslik, **territoriale geeste, watergeeste** (die see, riviere, ens.), magte vanuit die **aarde,** magte vanuit die **berge**, magte vanuit die **realms van die dood,** magte vanuit die **hel,** en die spesifieke demone aangestel om wag te hou oor my.
Ek petisie dat alle ander **demone of mensgeeste** wat oor my aangestel is, uitgewerp word of deur U hanteer word op die regte tyd en op die regte manier (**Pred. 8:5-8).**

Ek petisie dat alle dinge wat opgeskryf staan aangaande my en nog meer spesifiek tussen die **sterre,** op die **aarde, onder die aarde,** in die **waters** en die waters onder die aarde, elke geheime plek, uitgevee en verwyder sal word deur die mag van die Bloed van Jesus en die mag van U Woord (**Kol. 2:14) –** of dit nou **verbonde, planne, ede, beloftes,** of enige soort **geheime** is. Dit is van toepassing op enige **kontrak**, geskrewe of mondelings.

Ek teen-petisie elke towerspreuk, vloek, towerformule, of enige vorm van magie (wit, swart, rooi, groen, ens.), oproepings, rituele of enige ander soort aktiwiteit van satan, sy demone of dienaars, in die Naam van Jesus Christus van Nasaret. (**Ps. 40:2,3,12,113).**

Ek petisie U (volgens **Spr. 3:26)**, om MY VERTROUE te wees – ferm en sterk en dat U my voet sal weerhou van ‘n strik of verborge gevaar.

En laastens petisie ons U, volgens **Ps. 76:6**, dat op U bevel beide die strydwa en perd in ‘n diepe slaap gedompel sal word. Volgens **Jesaja 45:2,3**, dat U voor my uit sal gaan, die berge gelyk sal maak, die krom plekke reguit, die deure van brons in stukke sal breek en die ystertralies sal sny, om aan my die skatte van duisternis te gee, asook verborge rykdomme van geheime plekke, omdat ons weet, dat dit U is, die GOD VAN ISRAEL, wat my by die naam geroep het.

Dankie Vader, vir die oorvloed van U genade wat U nou oor my uitstort.

Dankie dat volgens U Woord in **Joël 2:32**, dit so sal gebeur dat wie ookal die Naam van die Here aanroep, gered sal word! Dankie dat volgens U Woord in **Jeremia 33:3**, U sal antwoord wanneer ons na U roep, en aan ons groot en magtige dinge sal wys wat ons nie geweet het nie!

Laastens Here, dank ek U dat deur die offer van Jesus aan die Kruis, ons uitbeweeg het onder die vloek en die seëning van Abraham betree het wie U geseën het in alle dinge, nl: **oorwinning, gesondheid, finansiële voorspoed en God se guns!**

AMEN

GETEKEN:_____ Datum: _____

8. FINANSIES

Vader, in die Naam van Jesus Christus van Nasaret petisie ek vir my finansies namens my en my voorouers. Ek bely alle tiendes en offerandes wat nie betaal is nie, liefde vir geld, dobbelary, omkopery, bedrog en alle vorms van diefstal. Ek kanselleer alle aanbidding wat Bäal en Mammon deur hierdie sondes ontvang het. Ek vra dat U die vloek wat deur bg. veroorsaak is oor my en my nageslag sal breek en dit in ‘n seën sal verander.

Ek sny my finansies los van alle geluksgodinne.

Vader, U woord sê in 1 Joh. 1:9: “As ons ons sondes bely, Hy is getrou om ons te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.”

Ek petisie teen alle besoedeling van saad, waar ons finansies in die koninkryk van Satan betaal en vir sy doel gebruik is. Ek petisie dat daardie saad gereinig en geheilig sal word met die Bloed van Jesus en dat die saad sal terugkeer na die Koninkryk van Jesus Christus. Ek verklaar dat elke vloek op my finansies gebreek is en verander is in 'n seën.

Ek petisie teen die draak wat aangestel is oor my skatkis, of dit in die hemel, op die aarde, onder die aarde of in die waters is. Ek bind alle skatbewaarders, nl. Medusa, Grendell, Bäal en Mammon, in die Naam van Jesus Christus van Nasaret.

Ek petisie teen elke voël wat uitgestuur is om saad op te pik. Volgens
Ps. 11:6 vra ek, Here, dat U U nette van vuur en swael op hierdie voëls sal gooi.

Ek petisie dat alle finansies van my voorgeslagte wat in gevangenskap in die onderwêreld is, losgemaak sal word en teruggebring sal word na die Koninkryk van Jesus Christus. Ek petisie dat alle finansies van die voorgeslagte wat nie opgeëis is nie, nou na my toe sal kom in die Naam van Jesus Christus van Nasaret.

Ek petisie teen elke slang wat uitgestuur is om finansies op te pik. Ek beveel elke slang om daardie saad uit te spoeg, in die Naam van Jesus Christus. Ek vra, Here, dat U daardie saad nou sal reinig en heilig met die Bloed van Jesus Christus van Nasaret.
In die Naam van Jesus, petisie ek dat my finansies losgesny sal word van die Illuminati, die Wêreldbank, die Nuwe Wêreldorde, die Enkel Monetêre Stelsel en die Vrymesselaars. Ek verklaar dat ek my finansies onder die beheer van die Koninkryk van Jesus Christus van Nasaret plaas.

Ek verklaar dat die koninkryk van hierdie wêreld die Koninkryk van Jesus Christus word. Ek sny my finansies los van die koninkryk van vernietiging, in die Naam van Jesus.

Ek petisie teen die grimmige maaier wat aangestel is om my oeste te steel. Ek vra, Vader, dat U sy sekel sal vernietig met die Vuur van die Heilige Gees. Ek bind die grimmige maaier en ontneem hom nou van alle mag en outoriteit wat hy oor my finansies ontvang het, in die Naam van Jesus Christus van Nasaret.

In die Naam van Jesus Christus van Nasaret breek ek nou die seisoene van armoede, hongersnood en droogte oor my lewe. Ek breek alle vloeke van armoede, tekorte, bankrotskap en onvrugbaarheid oor my. Ek bind elke gees wat oor hierdle vloeke aangestel is; ek ontneem hulle van alle mag en outoriteit en stuur hulle na die voete van Jesus waar hulle Sy voetbank sal word.

Ek petisie nou voor U troon dat U die vensters van die hemel oor my sal oopmaak. Ek petisie op grond van U woord in Mal. 3 dat U die skatkamers van die hemele sal oopmaak en 'n oorvloedige seën oor my sal uitstort. Ek petisie voor U troon, dat U seëninge, oorvloed, voorspoed en guns oor my sal rëen.

Ek petisie nou in U hemelse hofsaal, Vader, dat U U Balju-engele bevel sal gee om alle finansies van my en my voorgeslagte wat in die son, maan, sterre en planete in kluise toegesluit is, uit te haal.

Ek petisie dat alle finansies wat in kluise op die aarde, onder die aarde en in die waters toegesluit is, sal loskom; dat U balju-engele dit nou na die kluise van Jesus Christus sal neem en dat al daardie saad gereinig en geheilig sal word met die Bloed van Jesus.

Ek petisie dat alle finansies wat van my en voorgeslagte gesteel is, sewevoudig teruggegee sal word, in die Naam van Jesus Christus.

Dankie, Vader, dat ek weet dat U hierdie petisie teen die vyand toestaan op grond van die werk wat Jesus aan die kruis gedoen het.

Ek petisie teen enige finansies wat vanuit Atlantis beheer word. Ek petisie dat alle gebede wat daar gevange gehou word, sal loskom en dat elke vloek wat daaraan gekoppel is, gebreek sal word, in Jesus se Naam. Ek breek ook alle vloeke van vermenigvuldiging in Jesus se Naam. Dankie dat U elke vloek verbreek en dit verander in 'n seën.

Ek bind alle wurms wat uit die onderwêreld losgelaat is om finansies op te vreet. Ek kanselleer hulle opdragte teen my saad en oeste in Jesus se Naam.

Dankie dat U woord se: “Die seën van die Here maak ryk, en moeitevolle arbeid voeg daar niks by nie.” Ek petisie voor U troon dat U seëninge nou oor my losgelaat sal word.

Ek petisie dat die tydklok van Satan wat aan my finansies gekoppel is, nou vernietig sal word met die Vuur van die Heilige Gees en ek vra dat die tydklok van Jesus Christus van Nasaret nou in werking sal tree.

Ek verklaar dat al die goud en silwer aan Jesus behoort. Ek petisie dat my finansies en oeste van vandag af aan Hom toegewy is.

Ek profeteer dat die seisoen oor my finansies sal verander. Ek verklaar dat die seisoen van Jesus Christus nou aanbreek.

Pred. 2:26 sê: “Aan hom wat welgevallig is voor U aangesig gee U wysheid, kennis en vreugde, maar aan die sondaar lê U die taak op om bymekaar te maak en te bring aan die een wat welgevallig voor U is.”

Ek petisie nou in die Naam van Jesus Christus dat die geld van die wêreld na die Christene toe sal kom. Ek petisie dat die buit van die oorlog, nl. finansies, nou opgeëis word in Jesus se Naam, en ek verklaar die Heerskappy van die Oorwinnaar (“Rule of the Victor” uit “A counsellor’s manual in the therapy of DID”).

Alle finansiële wonde wat ek opgedoen het bring ek nou voor U. Ek petisie dat U genesende salf, salwing en gesag nou oor daardie wonde uitgestort sal word en dat dit as 'n teken in die gees sal staan vir die prys wat betaal is.

Ek onderwerp nou my finansies aan Jesus Christus van Nasaret. Ek wy dit toe aan U en vra vir wysheid om dit reg te gebruik in U koninkryk.

Ek neem nou omvattende versekering uit by Jesus Christus van Nasaret om my finansies te beskerm, te beheer en daarmee te doen soos U goeddink.

Amen.

9. PETISIE VIR EKSAMENS

Vader, ons kom na U in die Naam van Jesus Christus van Nasaret en ons wil vir _____ petisie wat vandag sy/haar eksamen skryf.

Volgens U woord in *Jakobus 1:5* sê U dat ons moet **vra** indien ons **wysheid**, **kennis** en **insig** benodig. Ons vra dus nou, Vader dat U wysheid, kennis en insig aan _____ openbaar word aangaande elke vraag wat gevra gaan word.

U besit **alle** kennis, U het **alles** geskape en ons vra U dus nou, Here om asseblief _____ se begrip vir die vak vandag sal openbaar. Ons petisie dat _____ elke vraag noukeurig sal lees en korrek en akkuraat sal beantwoord. Ons bid dat alle gememoriseerde inligting gestudeer enn gehoor in die regte volgorde herroep sal word, in Jesus Naam.

Ons petisie teen enige spieëls wat in die verstand gaplaas mag wees en spieëlbeelde bring wat inligting deurmekaar maak en verwarring veroorsaak.
Ons petisie ook teen enige piramides of kristalle wat refraksies/wegleiers van informasie veroorsaak wat nodig is om vrae te beantwoord

Ons petisie teen die vyand:

- wat gedagtes wegraap en _____ bot laat raak
- sluiers en nette oor antwoorde, sluiers oor die oë en nette oor die verstand gooi,
- die antwoorde vanaf die brein se interpretasie verdraai na die hand wat die inligting moet neerskryf,
- vrees en paniekaanvalle veroorsaak
- en gememoriseerde inligting in die kort- en langtermyn dele van die brein blokkeer.

Ons petisie teen:

- enige vorm van geheueverlies in Jesus naam
- en enige sataniese rituele waar _____ vervloek is om ‘n mislukking in die lewe te wees. Ons breek sulke vloeke en verander hulle in seëninge.

Ons petisie:

- vir Goddelike balans van alle noodsaaklike neurotransmitters benodig vir die verwerking van die inligting in Jesus Naam, nl. **observasie**, **geheue**, **vergelyking**, **evaluasie** en **seleksie** van die korrekte inligting benodig sodat daar geen misinterpretasies van vrae is nie
- dat daar geen blokkasies tussen die linker- en regterbrein hemisfere is nie maar wel ‘n Goddelike eenheid tussen hulle is.

Ons petisie teen:

- enige vorm van heksery wat die brein mag bedwelm,

- die gees van **verstandbeheer**, die **seekat**, met sy agt pote, nege breine (een vir elke poot plus die kop) en al sy suiers asook die effek wat die ink op die verstand mag hê soos verwarring en beneweling,

- die **gekapte kobra** wat hipnose veroorsaak en die kanale na Lucifer se verstand oopmaak om vals inligting daarna te kanaliseer en

- alle meditasiesirkels, psigiese kragte, demoniese projeksies, derde oog openinge, die mag van Medusa en enige ander kragbron wat gebruik kan word om demone op te roep wat _____ wil aanval en laat misluk.

Ons bind die demone in die Naam van Jesus, verwyder hul range, onthef hulle van hul werkopdragte en plaas hulle onder die voete van Jesus.

Ons petisie ook teen enige eksterne elektromagnetiese golwe wat teen _____ uitgestuur was om met die bestaande denkpatrone/siklusse/breinbane in te meng, in Jesus Naam. Ons dank U vir die helm van salwing wat U ons volgens *Effesiërs 6* gegee het en ons beaam
die helm deur die geloof op _____se kop.

Ons petisie vir beskerming op alle vlakke van die brein: die bewuste, die onderbewuste en die onbewuste vlakke, in die Naam van Jesus.

Ons bid vir ‘n salwing van die impulse, die chemikaliê en die volkome werking van die brein met die beantwoord van elke vraag. Ons bid nou dat ‘n akademiese salwing oor _____ vrygestel sal word, in Jesus Naam.

Ons bid volgens *Spreuke 4:5* dat _____ bekwame en Goddelike wysheid, insig, onderskeidingsvermoë, begrip en interpretasie sal ontvang en nie vergeetagtig sal wees nie, in Jesus Naam.

Ons bid ook dat U _____ se oë sal salf met die salf van *Openbaring 3:18* sodat _____ helder sal kan sien, in Jesus Naam.

Ons petisie dat God se guns, geregtigheid en regverdigheid deur die eksaminator uitgevoer terwyl die vraestel gemerk word en dat hy/sy nie fisies of geestelik aangeval sal word nie, in Jesus Naam.

Ons bid dat alle kennis gereinig en heilig gemaak word in Jesus Naam,

Amen.

10. PETISIE TEEN VERTRAAGDE HUWELIKS VERWANTE VLOEKE EN VERBONDE

Skrifgedeeltes om op te staan:

Galasiërs 3:13,14; 2 Timotheus 4:18; Jesaja 53; Jesaja 54:17; Openbaring 12:11; Numeri 23:23; 1 Samuel 2:10; Kolossense 2:14,15; Kol 1:13,14.

Gebeds-strategie

- *Vra jou ouers 'n paar indringende vrae oor jou bevrugting, geboorte, seremoniële rituele tydens naamgeëry, jeug en toewydings.*

Belydenis van Geloof:

- *Here, ek dank U omdat U Woord alreeds sê dat dit nie goed is dat man of vrou alleen moet wees nie. Ek vra vandag dat U my huidige situasie in ag sal neem – my eensaamheid – en dat U my huweliksmaat sal voorsien.*
- Ek wil vir U lewe – om U te dien en te gehoorsaam – my lewe lank. Gee aan my 'n maat wat my helpmaat sal wees om U te dien.

GEBED:

Ek dank U, my Here, vir U verlossingskrag wat nooit misluk of verminder nie.

Ek vra U, Here, om my sondes te vergewe, veral enige **verbond** wat ek wetend of onwetend betree het wat nou 'n uitwerking op my huwelik mag hê. Ek bely die **sondes van afgodery** deur my **ouers en voorouers** in hierdie verband.
Vandag verloën en herroep ek al die **verbonde** wat ek gesluit het of dit wat namens my gesluit is deur enigiemand aangaande my huwelik, in die Almagtige Naam van Jesus.
Ek bevry, verbreek en maak myself nou los van elke **voorvaderlike huweliksverbond** wat in my lewe werksaam is, of deur my familie-lyn loop, in die Naam van Jesus.

Ek beveel dat al die **geeste agter sulke verbonde** – al die geeste wat aangestel is om hierdie verbonde toe te pas – uit my lewe padgee, in die Naam van die Here Jesus Christus! Ek verklaar my oorwinning oor julle, deur die Bloed van Jesus Christus.

Ek kanselleer en vernietig alle **familie- en voorvaderlike vloeke en beheksing, alle vervloekinge,** en alle **bose uitsprake** wat gemaak is op my huwelik, in die Almagtige Naam van ons Here Jesus Christus.
Ek kanselleer en vernietig alle **persoonlike bose uitsprake** oor my lewe, in die Naam van die Here Jesus Christus. Ek vernietig elke **instelling en handgeskrewes van boosheid** aangaande my huwelik.

Ek neem gesag oor die **sterkman** gekoppel aan my **huweliksake.** Ek bind jou, sogenaamde sterkman. Die Groter Een, die Sterker Een – ja, die Opgestane Here Jesus – het jou oorwin. Ek weerstaan jou in Sy Naam en deur Sy outoriteit. Gee pad uit my lewe en my pad, in Jesus Naam.

Ek bind elke **sterkman** van vaders- en moederskant, wat gekoppel is aan my huwelikslewe, in die Naam van Jesus.
Laat alle **familie-gode** van beide kante van my ouers hul hande afneem van my huwelikslewe, in die Naam van Jesus.
Ek weier om die **afgode** te volg van beide kante van my ouers. Ek ontvang my huweliks-deurbraak in Jesus Naam.

Oor enigiets aanwesig in my wat **anti-huwelik** van aard is, beveel ek nou vernietiging in die Almagtige Naam van Jesus.
Ek kanselleer en herroep enige **geestelike huwelik** of **huwelike** wat namens my in die geestesrealm uitgevoer is. Die Woord van God sê: *Wat God saamgevoeg het, mag geen mens skei nie."* Dit is God wat die samevoeging moet maak in die huwelik. Omdat dit nie God was wat my saamgevoeg het met enige bose gees nie, verklaar ek myself losgemaak, in die Naam van Jesus! Ek verbreek so 'n huweliksverbond in Jesus Naam.

Ek vernietig enige **geestelike huwelikssertifikaat** met enige gees. Laat die vuur van God dit nou tot as verteer, in die Naam van Jesus.

Ek beveel dat elke **teken** van ‘n **demoniese huwelik** nou vernietig word in Jesus Naam!

Demoniese trouringe trek ek nou van my vingers af, in Jesus Naam, en verpletter dit met die Hamer van U Woord! Ek vra U Here, om my Godgegewe man/vrou nou na vore te laat kom, in Jesus Naam! Vader, bring na my die been van my been en die vlees van my vlees, in Jesus Naam. Laat U Heilige Gees reël dat ons paaie van nou af sal kruis. Indien ek huidiglik op die verkeerde plek is, verplaas my bo-natuurlik, in die Naam van Jesus.

Here, volgens U instruksies in **Spreuke 3:5-7**, weier ek om op my eie insig staat te maak. Ek erken U in al my weë, en ek bid nou dat U my paaie sal rig na die regte persoon wat U vir my het, in Jesus Naam.

Vader, openbaar en gee aan my daardie man/vrou wat my sal aanmoedig om U beter te ken en te dien, in Jesus Naam.
Ek laat my lewe in U Hand. Help my hiermee. Vader, slegs U ken die harte van alle mense, en net U kan my na die regte persoon toe lei. Dus vra ek, Here, dat U my sal lei na groen weivelde en my stille waters.

Omdat my lewe in U Hand is, Vader, weier ek om my hieroor te bekommer. Ek weet dat U besig is om vir my ‘n wonderwerk voor te berei. Intussen weerstaan ek elke teenkanting tot my huwelik, in die Naam van Jesus.

Daardie **ketting** dat my vir jare op dieselfde plek vasgehou het, daardie **ketting van stagnasie, vertraging en agteruitgang, verbreek** ek nou in die Naam van Jesus.
Heilige Gees vuur, vernietig en verbrand elke **demoniese geestelike sluier** wat my ware persoonlikheid **bedek** en **belemmer**, nou tot as, in Jesus Naam.
Ek vra U, Here, om die Vuur van God te stuur en om alle **demoniese huweliksdrag**, tot as te verbrand in die Naam van Jesus Christus van Nasaret.

Ek kom te staan teen **ingestelde en afstands-geprogrammeerde frustrasies** in my lewe, in die Naam van die Here Jesus.

Ek kom te staan teen **anti-huweliks gewoontes en voorstellings** in my lewe. Ek weerstaan jou, **gees van vrees vir verlatenheid en eensaamheid** in Jesus Naam.
Ek kom te staan teen enige aangetrokkenheid tot verkeerde en onopregte maats. Ek verwerp onvoordelige **ongeduld** in my lewe, in die Almagtige Naam van Jesus.

Enige **demoniese swangerskap** in die geestesrealm aborteer ek nou in Jesus Naam.
Ek beveel dat my voornemende man/vrou nou vrygemaak sal word van die invloede van die magte van duisternis, in Jesus Naam.

Ek vra U, Vader, om die magte wat gebruik word deur enige mens-geeste of dooie mens-geeste wat my toekoms ten opsigte van my huwelik blok, te vernietig en om dit te bind en kragteloos te stel in die Naam van Jesus Christus van Nasaret.
Laat elke demoon wat my weerhou van wat ek behoort te sien, deur die Vuur van God verteer word in Jesus Naam.

Vandag word ek bevry van alle **anti-huweliks vloeke, towerspreuke, beheksing, towery en verbonde** wat in werking is van beide kante van my ouers, in Jesus Naam.
Ek gebruik die Bloed van Jesus om alle anti-huweliks, onsigbare etikette op enige deel van my liggaam skoon te maak en uit te wis, in Jesus Naam.
Laat goddelike huweliksvoorspoed al die anti-huweliks vloeke en verbonde vervang, in Jesus Naam.

My Here God, Vader van Lig, maak my oë oop. Bevry my van alle wêreldse standaarde wat ek vir myself gestel het wat ‘n bron van hindernis en vertraging vir my was. Ek is nou gereed om U wil te doen as ek weet wat dit is. Dankie, omdat ek weet dat U nou in beheer is.

AMEN

Let op die volgende:

1. *Jy moet alle sondes bely; veral sondes wat gepleeg is as alternatiewe vir die huwelikslewe.*
2. Indien jy probleme met drome ondervind, vra vir bediening van bevryding of bedien jouself met bevryding.
3. Verseker dat alle restitusie (gaan maak reg met ander), gedoen is. Bv., indien jy gehuisves word deur iemand anders se huweliksmaat, moet jy nie slegs bely nie, maar ook die verhouding onmiddellik staak, wat dit jou ookal kos.
4. Verseker dat jy algeheel geledig is van hoogmoed en woede. Dit mag dalk die oorsaak van jou huweliksprobleem wees.
5. Staak alle vorme van treur en trane, en begin om God te dank. Dit is ‘n uitdrukking van jou geloof in Sy vermoë en getrouheid.
6. Bestudeer en memoriseer daagliks jou Bybel.
7. Soek vir die waarlike doping in die Heilige Gees. Dit verhoog/verryk jou gebedslewe.
8. Raak besig vir God deur persoonlik siele te wen vir Hom.

Lees Johannes 14:12-21. Wees produktief besig vir Hom terwyl jy Sy Vaderlike ingryping en gunste inwag. Doen die Woord en kry die resultate!

11. HUWELIK

Vader, in die Naam van Jesus Christus van Nasaret, U lewende Seun, kom ek voor U troon om vir my huwelik te petisie. Dankie dat, volgens U Woord in Psalm 20:4 en 1 Joh. 5:5, U my my petisies sal toestaan.

Vader, in die Naam van Jesus Christus bevestig ek my verbond met U. Ek bevestig ook die verbond tussen my huweliksmaat en myself. Ek verklaar dat my huweliksverbond geseël is deur die Bloed van die Lam en dat Hy alleen waardig is om ooit die seëls te breek.

Ek kom voor U troon om te petisie teen enige vloeke van egskeiding of egbreuk. Ek bid dat U hierdie vloeke sal verbreek en hul sal verander in seëninge. Ek sny my huwelik los van die gees van die dood wat slegs dood en vernietiging in my huwelik wil bring.

Ek petisie teen die gees van Jesebel. Ek verbied haar om enige outoriteit te hê oor my huwelik. In die Naam van Jesus petisie ek voor U troon dat die Bloed van Jesus ons name sal uitwis uit die boek van die hoer van Babilon. Ek verklaar dat ons name geskryf is in die Boek van die Lewe in die Nuwe Jerusalem.

In die teenwoordigheid van U troon, verklaar ek ‘n egskeiding met die Beker van Jesebel. Indien ons of ons voorvaders uit haar beker gedrink het, vra ek U nou om ons te reinig – gees, siel en liggaam – van enige gif wat vanuit hierdie beker gekom het. Ek vra dat die Vuur van die Heilige Gees sal kom en die invloed wat hierdie beker oor ons lewens het, te vernietig.

Ek petisie teen enige huweliks-kontrakte met enige mensgeeste, gestorwe mensgeeste, demone en enige geestelike mans of vroue. Ek verbreek die sielsbande en verklaar ‘n egskeiding in die gees. Ek vra die Vuur van die Heilige Gees om enige fisiese of geestelike ringe te vernietig. Ek verklaar Hosea 2:5-6 oor enige derde persoon wat gestuur mag word teen my huwelik.

Ek petisie teen die Antieke Slang (ancient serpent), betowering, geeste van misleiding en verleiding. Ek kanselleer alle opdragte aan hulle gegee met betrekking tot my huwelik en verklaar hulle nietig in die Naam van Jesus Christus van Nasaret.
Ek petisie teen enige rituele uitgevoer teen my huwelik. In die Naam van Jesus verbreek ek die mag van die rituele en die seëls daarop geplaas. Dankie Vader, dat U nou al daardie rituele omdraai in die gees.

Ek petisie teen enige vorm van seksuele towery.

Ek petisie teen enige besoedeling van saad. Ek bid dat alle saad wat teen ons getuig in die fisiese of in die geestelike, vernietig sal word deur die Vuur van die Heilige Gees.

Ek petisie teen die god van hierdie wêreld, die gees van hierdie wêreld en die gedagte van hierdie wêreld. Ek kanselleer enige outoriteit gegee aan hierdie gees oor my huwelik en verklaar dat die doelstellings, wil en plan van die Almagtige God, die Vader van Abraham, Isak en Jakob, vervul sal word in my huwelik.

Ek petisie teen enige planne van Abaddon en Baal oor my huwelik. Ek verbreek enige strikke of valle teen ons opgestel in die fisiese of in die geestelike realm en verklaar hulle kragteloos in die Naam van Jesus Christus van Nasaret.

Ek petisie teen enige programmering teen my huwelik in die son, maan, sterre en planete. Ek vra dat U hierdie programme sal vernietig met die Bloed van Jesus Christus van Nasaret.

Vader, in die Naam van Jesus Christus van Nasaret, petisie ek nou voor U troon dat enige van Satan se petisies teen my huwelik nou uitgewerp sal word uit die Hemelse hofsaal. Ek vra dit op grond van die prys wat Jesus betaal het aan die kruis.

Ek petisie teen enige towery, vloek, towerspreuk, dreunsang (chanting), beswering en wit, swart, rooi en groen magie gebruik teen my huwelik.

Ek petisie dat U stem nou sal donder in die hemele met betrekking tot my huwelik; dat U lig en waarheid sal seëvier oor my huwelik. Ek bid dat U stem nou in die hemele sal verklaar dat geeneen van Satan se petisies teen my huwelik toegestaan sal word nie.
Vader, in die Naam van Jesus Christus van Nasaret, verklaar ek nou my huwelik geseël met die Bloed van Jesus. Dankie dat U U seën uitgespreek het oor my huwelik. Vader, in die Naam van Jesus bid ek dat daar liefde, eenheid en vrede sal heers in my huwelik.

Dankie Vader, dat U Heilige Gees die wag hou oor my huwelik.

AMEN.

12. PETISIE TEEN DIE JESEBEL-GEES (OPEN. 2:20-23)

PERSOON:

Vader, ek staan vandag namens myself**, sowel as namens my** voorgeslag**, voor U in die Naam van Jesus Christus. Ek wil skuldig pleit vir die feit dat ek toegelaat het dat die** Jesebel-gees **met haar** 5 koorde **deur my gewerk het, of dat ek toegelaat het dat dit oor my heers en ek in die** Agab-gees **beweeg het.**

Ek kies om myself onder U Hand te **verneder**, sodat U my kan verhoog op die tyd wat U daarvoor bepaal het.

Ek **bely** dat ek deur my leefwyse en optrede die volgende sondes gepleeg het:

- U **ware profete** vernietig / teengestaan het (bv. in jou eggenoot, kind, ander, ens.)
- U outoriteits-strukture vernietig / teengestaan het (bv. ouers, onderwysers, huwelik, regering, ens.)
- My eie **ego** bevredig het.
- Teen die werk van die Heilige Gees **gegaan** of **gestaan** het en die vloei van U Gees verhinder het.
- **Afgodery** (bv. kennis, eie menings, kerk, tradisies, ens.)
- **Heksery** (bv. okkulte, of emosionele manipulering).
- Na die **begeertes van die vlees** gewandel het.
- Die **Agab-gees** in andere laat voortkom het.
- Die **Agab-gees** deur myself laat manifesteer het.
- My outoriteit en leierskap **misbruik** het.
- Mense se **woorde** verdraai het (om self goed te lyk).
- **U woorde** verdraai het, selfs in U Naam gespreek het wat U nie werklik gesê het nie.
- **Leiers** teëgegaan het.

- **Vrou**: My **man**, **vader**, **leiers**, **werkgewers** , **ouers**, se **outoriteit** ondergrawe en teëgegaan het en nie U voorskrifte gevolg het betreffende my gesinslede en ondergeskiktes nie.
- **Man**: My **vrou**, gesinslede, ondergeskiktes, ouers, ens. nie behandel het volgens U voorskrifte nie (nie my posisie ingeneem as priester, koning en profeet nie.)
- **Leuens** en **agterbaksheid** / blaam en suspisie op ander geplaas het.
- **Gedomineer**, **geintimideer** en **gemanipuleer** het.
- U Woord nie gehoorsaam het nie.
- **Deur my optrede** ander se moed **gebreek** het om U te volg en te gehoorsaam.
- **Rebellie** in al sy vorme in my lewe!
- **Hardkoppigheid**.
- **Trots**, **arrogansie** en **beterweterigheid**.
- Ander **vals** beskuldig en hul moed gebreek en bitterheid veroorsaak het (bv. huwelik, gesinslede, werknemers, andere).
- **Kritiek**, leuens en afbrekendheid.
- **Begeerte** na **materiële welstand** my beïnvloed het om myself en ander in probleme te beland en U Heilige Gees se waarskuwings te verontagsaam.
- **Seksuele immoraliteit** in al sy vorme.
- **Manipulasie deur seks**.
- Dat ek hierdie gees op my kinders en nageslag oorgedra het.
- Dat ek ander met **vrees** probeer **intimideer** het.
- Dat ek **tradisie** gehoorsaam en gevolg het, i.p.v. **openbaringskennis**.
- Dat ek die **wet** gevolg en toegepas het, i.p.v. die Heilige Gees.
- Ander in gevangeneskap gebring het (bv. verhoudinge, huwelik, kinders, ondergeskiktes, ens.)
- Ander probeer **beheer** het deur ‘n godsdienstige masker, kennis, geheimsinnigheid, werke, lang, leë gebede, ondervindinge, en super-geestelikheid.
- **Woedebuie** en **verwarring** wat ek geskep het.
- Bo-oor ander mense gehardloop of op hulle getrap het.

Vader, ek vra om **vergifnis** vir hierdie sondes. Ek kom staan vandag voor U op grond van U groot genade en die volmaakte Kruiswerk van Jesus, sowel as die versoening wat Hy vir my by U bewerk het. Op grond hiervan wil ek vandag vir U vra dat U my hande sal reinig van al die genoemde sondes, ook die waarvan ek nog nie eens bewus is nie. **Reinig** ook asseblief **my hart**, Vader!

Ek **petisie** ook by U vir die siel en verlossing van elke ander persoon wie ek ooit in my leeftyd besoedel het met my ingesteldheid en **optrede**. Ek vra nederig om vergifnis dat ek ‘n struikelblok was vir hulle en ek vra dat U hierdie **vuil kleed** wat ek tot nou toe gedra het, sal verwyder en my sal beklee met nuwe klere.

Ek vra vergifnis dat ek gedrink het uit hierdie **beker van Jesebel** en my laat beheer het deur:

1. **Okkultiese geeste**
2. **Kompromie** (afgodery) deur U dissipline af te water en nie respek vir U te toon nie.
3. **Immoraliteit** en **afgodery**.
4. **Dominering, intimidering, manipulering**.
5. **Valse godsdienstigheid**.

Ek vra dat U my nou sal verlos en bevry van hierdie **5 koorde** waarmee die gees van Jesebel my vir so lank beheer het, in die Naam van Jesus Christus.

Dankie vir volmaakte verlossing deur die Naam en Bloed van Jesus, deur die Swaard van U Woord en die woord van ons getuienis: – *Open. 12:11 – “En hulle het hom oorwin deur die Bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie.”*

Ek bid ook, Heilige Gees, dat U my sal begelei op hierdie nuwe pad en dat U my sal help in hierdie proses van die **vernuwing van my verstand** in hierdie areas. Ek bid dat U die **vertakkings** van die **werking** van die Jesebel gees uit al die lede van my **liggaam en siel,** sal trek, totdat daar niks oorbly nie.

Berader:

Voorbeeld van gebed:

Neem hierdie **5 koorde** en **sny** hulle een vir een:

1. Ek spreek jou nou aan, Jesebel in die geestesrealm, en ek verklaar dat ek daardie koord van **OKKULTIESE MAGTE** sien tussen jou en jou setel in …….. Ek neem nou die Swaard van die Gees en ek sny hierdie koord van OKKULTIESE MAGTE los in die Naam van Jesus Christus.

Daar staan geskrywe in **2 Sam. 22:32-37***: " Want wie is God buiten die Here, en wie 'n Rots buiten onse God? Die God wat my sterk toevlug is, en Hy het vir my 'n weg volkomelik uitgesoek. Hy maak my voete soos die van herte en laat my staan op my hoogtes. Hy leer my hande om oorlog te voer, sodat my arms 'n koperboog span. En U het my die skild van U uitredding gegee, en U neerbuigende goedheid het my groot gemaak. U het my voetstap onder my ruim gemaak, en my enkels het nie gewankel nie."*

2. Ek spreek jou nou aan, Jesebel in die geestesrealm, en ek verklaar dat ek daardie koord van **KOMPROMIE** sien tussen jou en jou setel in ……...
Ek neem nou die Swaard van die Gees en ek sny hierdie koord van **KOMPROMIE** los in die Naam van Jesus Christus. Daar staan geskrywe in **Hand. 24:14b** *"Julle het al hierdie kwaad gedoen; maar wyk nie van die Here af nie, en dien die Here met julle hele hart."*
Mat. 22:37 *"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand."*

3. Ek spreek jou nou aan, Jesebel in die geestesrealm, en ek verklaar dat ek daardie koord van **IMMORALITEIT** (**AFGODERY**) sien tussen jou en jou setel in ……. Ek neem nou die Swaard van die Gees en ek sny hierdie koord van **IMMORALITEIT** los in die Naam van Jesus Christus.

Daar staan geskrywe in **Open. 19:7** *"Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en Sy vrou HET HAAR GEREED GEMAAK."*

4. Ek spreek jou nou aan, Jesebel in die geestesrealm, en ek verklaar dat ek daardie koord van **DOMINERING**, **INTIMIDERING** EN **MANIPULERING** sien tussen jou en jou setel in …….. Ek neem nou die Swaard van die Gees en ek sny hierdie koord van **DOMINERING**, **INTIMIDERING** EN **MANIPULERING** los in die Naam van Jesus Christus. Daar staan geskrywe in
Joh. 10:2-5 "*Maar hy wat by die deur ingaan, is 'n herder van die skape. Vir hom maak die deurwagter oop, en die skape luister na Sy stem; en Hy roep Sy eie skape by hulle naam en lei hulle uit. En wanneer Hy Sy eie skape uitgebring het, loop Hy voor hulle uit; en die skape volg Hom, omdat hulle Sy stem ken. Hulle sal 'n vreemde nooit volg nie, maar van hom wegvlug, omdat hulle die stem van die vreemdes nie ken nie."*

5. Ek spreek jou nou aan, Jesebel indie geestesrealm, en ek verklaar dat ek daardie koord van **VALSE GODSDIENSTIGHEID** sien tussen jou en jou setel in ……. Ek neem nou die Swaard van die Gees en ek sny hierdie koord van **VALSE GODSDIENSTIGHEID** los in die Naam van Jesus Christus. Daar staan geskrywe in
Joh. 4:24 **" God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in Gees en waarheid aanbid."**

Persoon bid self:
Vader, in die Naam van Jesus Christus, U Seun, verklaar ek nou:

- 'n egskeiding met die gees van Jesebel.
- 'n kansellasie van alle aanbidding wat sy ooit ontvang het deur my of my voorgeslag.
- Vernietiging van enige en alle verbonde wat met haar gemaak is.
- Verloëning van die Agab-gees.

In die outoriteit van die Naam van Jesus Christus, neem ek nou hierdie setel in myself in besit, en oorhandig dit aan die Koninkryk van God.

Vader, in Jesus Naam vra ek dat U **die volgende vloeke en gevolge** a.g.v. my en my voorgeslag se betrokkenheid by hierdie Jesebel gees se aktiwiteite, oor my en my nageslag sal **verbreek**:

1. Vloek van ‘n **bed van pyn en lyding**
2. **Terneergedruktheid**
3. Vloek van **uiterste oordeel**
4. Vloek van die **dood** (Open.2:22,23)
5. Vloek van **vernedering en naaktheid**.
6. Vloek van **slawerny**
7. Vloek van **seniliteit**
8. Vloek van **homoseksualiteit** en **lesbianisme**
9. Vloek van **kanker**
10. **Skisofrenie**
11. Vloek van **egskeiding**
12. Vloek van **vroulike oorheersing**
13. Vloek van **manlike oorheersing**
14. Twyfel en onstabiliteit
15. Bloedskande
16. Lastering
17. Verlies van kinders
18. Verlies van huweliksmaat
19. Vloek van rampe en booshede
20. Eensaamheid en verlatenheid
21. Vloek van heksery
22. Vervolging

Ek vra dat U elkeen van hierdie vloeke in my en my voor- en nageslag se lewens, sal verander in ‘n seën.

In die Naam van Jesus Christus, bind, en werp ek die dogter van Jesebel uit my lewe.
Ek spreek **vernietiging** oor die **altare** waar Jesebel **aanbidding** ontvang het in my lewe, en rig ‘n altaar daar op vir God.
Daar staan geskrywe in **2 Sam.24:25**: *“Hy het net daar ‘n altaar vir die Here gebou en brandoffers en maaltydoffers gebring. Hierna het die Here weer die gebede vir die land verhoor, en die plaag is uit Israel weggeneem.”*

Die vesting in my lewe waar Jesebel gewoon het, word nou vernietig en ‘n troon vir Christus Jesus daar gevestig.

In die Naam van Jesus Christus spreek ek nou **verwelking en dood** oor alle **vrugte van manipulasie** deur die gees van heksery in my lewe.

Ek vra dat U **alle suurdeeg** uit my **denkpatrone, wil, emosies en liggaam** sal verwyder wat my laat neig het om onder beheer van hierdie gees te wandel.

Vader, in Jesus se Naam vra ek dat die gees van **Elia** in my sal opstaan ten einde Jesebel in die Liggaam van Christus te ontbloot. Ek bid Vader, dat **die harte van die vaders** gedraai sal word na die **kinders** volgens **Maleagi 4:5,6**.

Ek bid dat die **ongehoorsame** gedraai sal word na die wysheid van die regverdige – dat goddellike beginsels geleef sal word in my lewe, ten einde spesifieke probleme die hoof te bied.

Ek vra dat meer en meer **geestelike vaders en moeders** uit ons midde na vore sal tree om die weg aan te dui en ook om U volk by die hand te neem en hulle in paaie van geregtigheid te lei.

Ek bid, Vader, dat U sal toesien, deur U Gees, dat ek voorberei sal word as deel van **U Bruid sonder vlek of rimpel**.

Dankie, Abba Vader, vir U groot genade. **Seël** hierdie gebed nou met die **Bloed van Jesus Christus** en dankie dat U hoor en verlos!

AMEN.

13. SIELSVERBINTENISSE

Hemelse Vader, ek kom met vrymoedigheid voor U Troon as U kind, gewas in die Bloed van Jesus.

Ek verklaar die Bloed van Jesus oor my en my gesin, vir ons beskerming. Ek verklaar dat Jesus Christus die Here hier is en dat hierdie heilige grond is. Ek neem gesag in hierdie plek, in die Naam van Jesus en die krag van Sy Bloed en Woord, en beveel alle bose geeste in hierdie gebou, in die lug, in die waterwerke, vuur of elektrisiteit, om hierdie eiendom nou te verlaat en nie weer terug te keer nie. Ek verklaar hierdie vertrek geseël in die Naam en outoriteit van Jesus. Ek bind en verbied enige bose gees van buite om enige kennis te hê van wat hier binne gebeur of om enige invloed uit te oefen in hierdie vertrek. Ek verbied alle bose geeste om op enige wyse in te meng gedurende hierdie tyd van gebed. Nou vra ek U, Vader, om hierdie plek te omring met U gevegsengele, ingehaak bymekaar rondom hierdie gebou sodat geen bose mag naby hierdie gebou sal kan kom nie. Vul asseblief hierdie vertrek met U dienende engele. Ons bid, Vader, dat U spesiale begeleidingsengele sal stuur wat hierdie demone en familiêre geeste na hul bestemming sal neem.

U, Here, het die asem van die Lewe in my ingeblaas en my gevorm in liggaam, siel en gees. Ek begeer, Here, dat my verstand, gedagtes, redenasie, wil, intellek en emosies sal vry wees van alle goddelose bande en bindinge. Ek petisie Here, dat alle demone wat my verstand aanval of hulself vasheg aan my verstand, om my wil te beheer, my gedagtes te blok of my emosies te teister, my nou sal verlaat, in die Naam van Jesus Christus van Nasaret - in die Naam van Jesus, Wie gekom het om gevangenes vry te laat; Jesus Wie gesterf het vir my sondes en wat 'n vloek geword het sodat ek vry kan wees (Luk. 4:18-19).

Vader, ek erken dat U aan elkeen 'n vrye wil gegee het. Ek neem nou die outoriteit op wat U aan my gegee het om te kies. Ek vra U om my te vergewe dat ek beheer en bindinge in my lewe toegelaat het.

Ek verloën elke sielsband wat poog om my te verhinder om selfbeheer uit te oefen oor my verstand, wil en emosies, sodat ek heerskappy kan neem oor my vlees.

Vader, ek verloën alle en elke goddelose aktiwiteit waaraan ek deel gehad het en wat aan Satan wettige grond verskaf het om sielsbande in my te skep.
Ek verloën elke sielsband wat poog om die vernuwing van my verstand met God se Woord te keer en ek onderwerp my wil aan U en U wette.

Ek verloën alle goddelose bande wat gevorm is met die doel om te beheer, te manipuleer of te domineer. Ek verloën die feit dat ek myself toegelaat het om beheer of gemanipuleer te word op enige wyse.

Ek sny myself los van alle:

- Beheer.
- Sielsbande.
- Slawerny.
- Geeste wat gekom het van die persoon wat beheer het.
- Seksmaats van die verlede.
- Enige persoon/e of entiteit/e nie genoem.

Ek verloën alle psigiese of telepatiese skakels tussen my, familielede en ander mense, gestorwe mensgeeste, geesgeleiers of demone. Ek beveel alle geeste wat van die “beheerder/s” of enige demoon gekom het om hierdie psigiese of telepatiese skakels te opereer, om my nou te verlaat en nooit terug te keer nie, in Jesus se Naam.

Ek verloën die feit dat ek my naam oorgeteken het aan Satan of my naam laat oorteken het aan Satan. Ek verloën enige seremonie waar ek in die huwelik bevestig is met Satan. Ek verloën alle sataniese opdragte, verbonde, ooreenkomste en toewydings wat ek gemaak het met Satan of wat namens my gemaak is. Ek petisie teen alle sielsbande wat gevorm het deur enige tipe bloedeed, verbond, gelofte of eed. Ek petisie teen enige sielsbande wat geskep is deur toewydings, rituele of ander seremonies.

Ek petisie teen enige sielsband wat gevorm is deur toewydings aan demoniese geestesmagte, inlywingsrituele en seremonies in geheime organisasies. Ek verloën alle dope, rituele of leringe deur sataniste. Ek verwerp en verloën alle vloeke en opdragte wat teen my gemaak is of deur my gemaak is in die diens van Satan.

Ek verloën die neem van my bloed of die gebruik van my bloed in sataniese rituele voordat ek oud genoeg was om daarvan bewus te wees. Ek bely nou indien ek myself gesny het en my bloed gegee het vir opdragte, seremonies of verbonde met Satan. Ek bely en verloën alle bloedede of verbonde. Ek verloën indien ek ooit vlees geëet het of bloed gedrink het vir sataniese aanbidding en vir verkryging van sataniese krag.

Ek verloën alle “beskermers” en surrogaatouers wat aan my toegesê is deur sataniste. Ek verloën en verwerp alle demone en familiêre geeste wat in my geplaas is of aan enige deel van my gebind is deur sataniste. Ek verwerp alle geestesleiers wat aan my toegesê is. Ek verwerp en beveel al hierdie bose geeste om nou te gaan, in Jesus se Naam.

Ek verloën alle gebruik van okkultiese magte, toordery, swart en wit magie en ander vorme van toordery of heidense gebruike, Oosterse godsdienste, Indiese Hindoe-gelowe, Shamanistiese godsdienste en Rooi Indiaan-towerkuns.

Ek verloën alle geheime ede aan heidense afgode as deel van inlywingseremonies in organisasies, broederskapgildes en ander organisasies wat hierdie seremonies aanhang en praktiseer. Ek verloën my betrokkenheid met of kontak met geheime losies of verenigings, soos Vrymesselary, Rosicrucianisme, Oosterse mistisisme, spiritisme, Mormonisme, die New Age en sy praktyke of enige godsdiens of organisasie met 'n okkultiese inslag. Ek bely my deelname in enige van hierdie praktyke of organisasies.

Ek verloën alle sondige, okkultiese praktyke en afgodery van die soek van informasie, kennis, genesing, gemak, identiteit of mag van enige okkultiese, psigiese of geheime bron.

Ek verloën alle sondes van waarsêery, insluitende astrologie, outomatiese handskrif, kers, kristalbal of kristalstaring, ESP, fortuinvertellery, horoskope, Ouija bord, handpalmlees, tarotkaartlees, teeblaarlees, telepatie en enige ander nie genoem nie. Ek verloën “channelling”, konsultering van familiêre geeste, heldersienheid, kommunikasie met die dooies, “séances”, beswymings (transe) en die raadpleging van 'opgevaarde meesters', fortuinvertellers, mediums, shamaans, geestesleiers (“spirit guides”), spiritiste, hekse of towenaars.

Ek verloën alle demoniese, okkultiese of psigiese helingspraktyke, insluitende betowering (“charming”), hipnotisme, towergenesing, pendulumgenesing, psigiese genesing en “pow-wow healing”. Ek verloën astrale projeksie, amulette en gelukbringers, karate, levitasie, metafisika of “mind science”, verstandsbeheer, krag-kristalle, piramiedkrag, towery, transendentale meditasie en joga.

Ek vra nou, Here Jesus, dat U my sal vrymaak van alle sielsbande, sielsverbintenisse of koorde tussen my en enige ander persoon/e. Ek kanseleer en breek hierdie bande en koorde van ongeregtigheid permanent, van my kant af asook van die ander party. Ek neem alle regte tot my liggaam, siel en gees terug. Ek neem ook alle dele van my terug wat verbind was aan enige persoon/e. Ek spreek alle dele van die ander party/e vry.

Vader, as daar enige goddelose bande tussen my siel en gees is, verloën ek dit nou en breek dit in Jesus se Naam. Ek vra U, Vader, om die Bloed van Jesus aan te wend waar die koorde verbind was sodat daar geen verbinding weer kan plaasvind nie.

<u>NOTA</u>: Om iets te bely beteken dat jy dit as sonde, erken asook dat jy dit nie moes gedoen het nie, en dat jy nou gewillig is om weg te draai daarvan.
Daarom, om dissosiasie onder erge mishandeling te bely, beteken dat jy eerder sou mal word of doodgaan, wat die enigste opsies was. Dissosiasie sou dan nie ‘n “gawe” of hanteringsmeganisme wees nie, maar ‘n sonde. Hierdie redenasie kan gedissosieerdes in ‘n betwyfelbare posisie plaas (vanuit ‘n onkundige oogpunt).

Dissosiasie word egter verkeerd wanneer 'n persoon geleer het om dit te doen en dit dan gebruik om verantwoordelikheid te ontduik. Dit moet bely word.

GEBED

Vader, ek erken dat my kinderjare my geleer het om te dissosieer sodat ek dinge kan hanteer. Ek petisie teen die misleidende geeste wat aangestel is om my in ontkenning te hou omtrent my verlede en programmering. I bely dat ek dissosiasie gebruik het om verantwoordelikheid te ontduik deur na 'n fantasiewêreld te ontsnap, wat misleiding was.

Ek kies nou om weg te draai van hierdie versteekte lewe. Ek maak alle deure van ontsnapping toe in Jesus se Naam. Ek neem outoriteit oor alle misleidende geeste en bestraf hulle en beveel hulle om my nou te verlaat. Ek kies nou om die waarheid in die gesig te staar en dit nie meer te ontken nie. Ek vra U, Vader, om my te vergewe en te herstel in Jesus se Naam.

Vader, ek vra dat U U heilige engele sal stuur om hierdie geeste weg te neem na hulle bestemming wat U bepaal het.
Ek verklaar alle koorde van ongeregtigheid en goddelose bande tussen my en alle persoon/e gesny.

Ek verklaar ook dat enige goddelose bande tussen my siel en gees nou gesny is.

Ek dank U, Here, dat ek, deur U genade, vrygemaak is van alle gebondenheid.

Dit is my begeerte om U te aanbid, Hemelse Vader, met my hele liggaam, siel en gees, in Jesus se Naam.

Ek verklaar dit in die mag en outoriteit van die Here Jesus Christus. AMEN.

Datum: _____

Geteken: _____ _____

14. GENESING VAN HERINNERINGE [Maak dit jou persoonlike gebed.]

Vader, ek dank U vir U Seun Jesus wat aan die kruis gesterf het, nie alleen vir my sonde nie, maar ook vir my hartseer (kneusplekke) en vrese. Ek dank U dat Jesus dieselfde is, gister, vandag en vir ewig, en dat Hy wil hê dat ek volkome heel moet wees: liggaam, siel en gees. Here Jesus, ek vra dat U sal terugstap, elke sekonde van my lewe en dat U my sal genees en my heel sal maak. Ek vra dat U tot in die derde en vierde geslag sal teruggaan en die skadelike genetiese verbintenisse sal verbreek.

Jesus, U het my geken nog voor my geboorte. Dankie dat U daar was toe my lewe begin het. Bevry my asb. van vrees of enige ander negatiewe magte wat aan my in die moederskoot oorgedra kon word. Dankie, Here Jesus, dat U daar was toe ek gebore is, en dat U my liefhet. Sommige is in hierdie wêreld gebore, ongewens en onbemind - hulle het soveel verwerping ervaar. Here Jesus, vul almal, vanaf die eerste oomblik met U kosbare liefde.

Here, stap terug deur elke sekonde gedurende daardie eerste jare van my lewe. Sommige is van hul ouers geskei deur siekte of dood, ander is in families gebore waar hulle nie die nodige liefde ontvang het nie. Here Jesus, gaan terug en vul elke leemte en gee die liefde wat nooit ntvang is nie. Verwyder elke seerplek, elke gevoel van verwerping. Verwyder alle vrese: vrees vir die donker, vrees vir val, vrees vir diere, vrees om te verdwaal, ens. Ek dank U Jesus dat U my bevry en my genees.

Ek bid Here dat U my hand sal vat, teruggaan in tyd en saam met my skool toe sal stap. Somtyds was ek so skaam en bang om die huis te verlaat en nuwe situasies die hoof te bied. Jesus daar was tye dat ek bang was vir mislukking op skool. Verlos my asb. van daardie herinneringe. Wanneer ‘n onderwyser op my geskel het, of klasmaats my seergemaak het, genees asseblief daardie seer. Sommige vrese het gedurende daardie eerste skooljare ontstaan: vrees om in die openbaar te praat, vrees vir mislukking, ens.

Dankie dat U daardie seerplekke genees en my van die vrese bevry. Ek dank en prys U.

Here Jesus, ek dank U vir my ma. Here Jesus, vir hulle wat nie die liefde van ‘n moeder geken het nie, vul daardie leemte en gee hulle die nodige liefde. Ek vra dat U tussen my en my ma sal staan en dat U Goddelike liefde tussen ons sal vloei. Ek vra vergifnis vir my ma, vir enige manier waarop ek haar kon seermaak of haar kon gefaal het. Ek vergewe haar vir enige manier waarop sy my sou seermaak of faal.

Here Jesus, dankie vir my pa. Vir dié wat nie die liefde van 'n aardse vader kon ervaar nie, skenk hulle al die liefde wat hulle nooit ontvang het nie. Staan tussen my en my pa. Ek bid dat U Goddelike liefde elke gebroke verhouding sal genees. Ek vra vergifnis vir my pa, vir enige manier waarop ek hom kon seermaak of faal. Ek vergewe ook my pa vir enige wyse waarop hy my kon seermaak of faal.

Ek lig my broers en susters op na U. Waar daar enige kompetisie, jaloesie of bitterheid was, vra ek dat U genesende krag en liefde elke gebroke verhouding sal heel.

Ek vergewe elke broer en suster wat my seergemaak of gefaal het. Ook vra ek hulle vergifnis waar ek hulle seergemaak of gefaal het.

Dankie Here, dat u ook daar was gedurende my tienerjare en toe ek in Hoërskool was. Daar was nuwe emosies en vrese. Soos ek elke pynlike herinnering terugroep, vra ek dat U die pyn sal verwyder en my genees. Ek dank U vir U beskermende Hand toe ek gevaarlike dinge gedoen het. Verwyder enige gevoel van vernedering, verleentheid, skuld, vrees of mislukking. Sommig is geterg as gevolg van ras, voorkoms, liggaamsbou of armoede en is diep gewond. Wys my dat U my liefgehad het en dat U daar was in elke situasie. Vir die jongmense wat met dwelmmiddels ge-eksperimenteer en daardeur hul verstand genewel het, Here Jesus ons bid dat U die skade sal herstel. Laat hulle weer helder dink en skenk hulle U genesing. Laat ook elkeen van hulle besef dat U hulle liefhet en dat U die verlede kan uitwis.

Soos elkeen van ons begin het om die huis te verlaat, was daar nuwe vrese, frustrasies of hartseer. Sommige wou verder studeer, maar kon nie. Ander kon nie studeer in die rigting waarvan hulle altyd gedroom het nie en hulle was so teleurgesteld. Jesus, genees elke teleurstelling en al die hartseer.

Dankie dat U daar was toe ons getroud is. Vir sommige was dit 'n pragtige begin, vir ander 'n nagmerrie. Jesus, verwyder asseblief enige seer. Ek bid dat U tussen my en my maat sal staan en alle seer sal genees. Ek vra my maat om vergifnis vir die kere wat ek hom/haar seergemaak het en ek vergewe hom/haar vir die kere wat hy/sy my leed aangedoen het. Here Jesus, deur U Goddelike liefde, dank ek U dat U elke stukkende verhouding herstel en al die seer wegneem. Waar daar bitterheid en eensaamheid was, neem al die negatiewe gevoelens weg. Genees die diep wonde en wis die pynlike herinneringe uit. Jesus, vul elke maat met U vergifnis, U liefde en U genesende krag.

Dankie Here vir my kinders. Verwyder elke gevoel van mislukking en skuld wat ek as ouer het. Die kere wat ek onoordeelkundig gestraf het, te besitlik was met my liefde of woorde van kritiek en woede gespreek het, bid ek dat U enige skade sal herstel. Ek vra hulle vergifnis en vergewe hulle vir die hartseer wat hulle my besorg het.

Here, ek dank U dat U daar was gedurende ongelukke, siekte en operasies. Ek vra dat U nou die gruwelikheid, die vrees en herinneringe van die pyn sal wegneem. Verlos my van die trauma wat ek ervaar het. Dankie dat U daar was in tye van smart, dat U my hand geneem en saam met my deur die vallei gestap het. Dankie dat U die las gelig het, die hartseer, pyn en rou weggeneem het. Dankie dat U my U vreugde en vrede geskenk het.

Here Jesus, dankie dat U nou teruggestap het deur elke sekonde van my lewe tot op hierdie oomblik. Dankie dat U my genees het van al my hartseer, vrese, pynlike herinneringe, my skuldgevoel en dat U my daarvan verlos het. Dankie dat U my met U liefde vul. Help my om myself lief te hê. Help my om ander lief te hê.

Bo alles, help my om U lief te hê soos ek moet. Ek dank U vir U vreugde en vrede wat U my skenk. Dankie, Jesus! Ek dank U dat U in die donkerste hoekies van my verstand ingaan en my reinig. Dankie dat U my verstand, my emosies en my herinneringe genees. Dankie, Jesus, dat U my weer heel maak. Ek gee U al die lof en die eer!!

AMEN.

15. PETISIE VIR DIE VERVULLING VAN BASIESE BEHOEFTES

Vader, God van Israel, U is die Skepper van die Hemele en die Aarde! U het _____ geskep, U het sy/haar binnekant gevorm; U het _____ kunstig saamgevleg in sy/haar moeder se liggaan. (**Ps. 139:13).**

Omdat U gekies het om aan _____ die Asem van Lewe te skenk – leef hy/sy vandag! Ongeag of _____ se ouers hom/haar beplan het of regtig wou hê, U het gekies om aan _____ die lewe te gee, en hom/haar te verwelkom in hierdie wêreld!

Vader, _____ se basiese behoeftes wat hy/sy gehad het sedert bevrugting, is nog nie tot soverre vervul dat hy/sy tot volkome volwassenheid kon groei nie. Die gebrek aan aanvaarding, sekuriteit, sin en doel, vertroeteling, erkenning, ens. het veroorsaak dat _____ trauma ervaar en dat sy/haar pad na verstandelike, emosionele en geestelike volwassenheid geblokkeer is.

Ons bring _____ na U Troon van Genade, en plaas hom/haar by U voete en petisie U om ‘n herskeppingswerk in sy/haar lewe te begin, in die Naam van Jesus.

Dankie Vader, dat U nie gebind is deur tyd nie, en hierdie werk in _____ kan begin, selfs vanaf die oomblik van bevrugting. Ons petisie teen Vader Tyd en sy tydklokke oor _____ se lewe, in Jesus Naam. Ons bid dat hy/sy losgemaak sal word uit enige van die stadiums van ontwikkeling, wat voorkom het dat _____ kon groei tot volwassenheid.

Ons vra U om elke sekonde van sy/haar lewe terug te neem van Vader Tyd wat hom/haar teruggehou het, in Jesus Naam. Ons petisie U om te begin om sy/haar neurologiese verbindings te stimuleer soos U op geestelike vlak elkeen van die basiese behoeftes vervul wat _____ ervaar het op daardie spesifieke stadiums van sy/haar lewe.

Selfs waar vloeke en sonde veroorsaak het dat sekere karaktertrekke feitlik vasgelê is in die brein en sekere verbindinge en groei blokkeer, petisie ons U, dat soos U hom/haar reinig en skoonmaak van hierdie sondes, U sal begin om die senu-sel takke weer te verbind sodat nuwe Goddelike weë in sy/haar brein gevorm kan word. Vader, ons weet dat dit U is wat nuwe paaie vir ons oopmaak, waar daar voorheen geen pad was nie. U maak die valleie gelyk, asook die heuwels. Doen dit dus vir _____ se verstand, volgens U Woord in **Jes. 40:3-4.**

Waar skade gedoen is aan _____ gedurende swangerskap a.g.v. gebrek aan voeding, alkohol, dwelms of rook, petisie ons vir die volle restourasie van sy/haar liggaam, siel en gees van daardie tyd af.

Ons petisie U, Vader, om te begin met die skoonmaakproses van _____, sodat alle negatiewe en skadelike denkpatrone, begrippe van lewe oor die algemeen, van hom/haarself of ander, en ook van Wie U is, reggestel kan word. Sal U asseblief daardie leë 'houers' van behoefte vul met U onvoorwaardelike liefde en leer _____ om vreugdekamp te ontdek en te begin lewe uit U oorvloedige voorsiening van aanvaarding, sekuriteit en troos.

Vader, ons bid dat U elke ongoddelike, ongesonde balans of tipe van neuro-senders en ander chemikalieë/hormone in sy/haar lewe sal kanselleer wat die verandering van gedagte patrone kan blokkeer, woede kan veroorsaak, asook aggressie of depressie. Ons bid dat selfs die ongesonde aandrang van die ontvangstoestelle verwyder sal word, sodat die vorm en sensitiwiteit van alle ontvangstoestelle sal verander volgens U voorsiening van liefde, in Jesus Naam.

Vader, ons vra U om alle ongoddelike skeidings te verwyder tussen die nodige neurons en om enige ongoddelike seëls te verbreek oor sekere areas van _____ se brein, in Jesus Naam.

Ons petisie dat _____ dus in staat gestel sal word om U liefde, aanvaarding, vertroeteling, ens. te kan **ontvang.**

Vader God, ons petisie U, volgens U Woord in **Jes. 61**, dat _____ se **oë en ore van die verstand** sal oopgaan en begin om U Waarheid te **herken, sien en te hoor** en vrygemaak sal word van die skade en houvas van die verlede. Ons bid dat _____ welbekend sal raak met vreugdekamp en nuwe, Goddelike begrippe sal skep.

Ons bid dat ‘n ontsluiting van _____ se potensiaal, gawes, insig en identifikasie met U opinie van hom/haar sal plaasvind, op toenemende basis in sy/haar se lewe, in die Naam van Jesus.

Vader, ons bid dat soos _____ meer en meer tyd spandeer in U genesende teenwoordigheid, U oorvloedige liefde die behoeftes van _____ as embrio sal vervul, ook as pasgebore baba, ‘n baba, kleuter, kind, tiener, jongmens, ens.

(Gedurende elke en alle stadia van ontwikkeling waardeur _____ alreeds gegaan het.)

Ons petisie dat _____ mettertyd selfs sy/haar eie behoefte ‘houers’ sal oorvloei en in staat sal wees om nie slegs te groei in volwassenheid nie, maar ook diegene rondom hom/haar te bedien met oorvloedige liefde en vreugde.
Ons bid en petisie al die bogenoemde dinge in die Naam van Jesus Christus.
AMEN

Teken _____ Datum _____

_____

16. STEL JOU SAAK IN DIE HEMELSE HOFSAAL

Hemelse Vader, U het ons geroep om met vrymoedigheid voor U te kom, om U Troonkamer binne te mag kom en ons petisies voor U te lê.

Dit is dan wat ons nou graag wil doen. Ons is van voornemens om die hemel te bombardeer met ons gebede en petisies, die presiese woorde, gedagtes en indrukke wat U op ons harte gelê het. Vandag vra ons dat U al hierdie in die realiteit sal bring.

My persoonlike petisies:

1. ……
2. ……
3. ……
4. ……
5. ……

ens.

Ontbied U krag, o God; wys ons U sterkte soos wat U tevore gedoen het. Ons wil die God van Moses sien wat voor Sy volk uitgegaan en die Rooi See vir hulle oopgemaak het; ons wil die God van Petrus sien, wie se salwing so sterk was dat selfs Petrus se skaduwee genesing gebring het aan diegene by wie hy verbygestap het.

Staan op, o God, en kom tot ons redding! Waarom moet die vyand U kinders vertrap? U het belowe dat ons die kop sal wees en nie die stert nie. Kom vanuit die Hemel en wys ons hoedat U kan beweeg ter wille van U kinders!

Vader, die tyd is nou. Ons kan nie langer wag nie. As U nie kom nie, sal ons dit nie op ons eie kan maak nie. Kom ons tot hulp; kom ter wille van U Naam.
Ons sê hierdie dinge terwyl ons staan op die geregtigheid wat in Christus is en ons vra U om hierdie dinge vir ons te doen, in die Naam van Jesus Christus.

AMEN.

17. PETISIE TEEN MY VYANDE (Ps. 109, Ps. 6 & Ps. 7)

Hemelse Vader, deur die Bloed van Jesus Christus van Nasaret wat vir my gevloei het, het U ons geroep om met vrymoedigheid U troonkamer te betree en ons petisies voor U te plaas. Ons beoog om die hemel te bombardeer met ons gebede en petisies, die woorde uit U Woord. Ons vra dat U op hierdie dag begin om al hierdie te verwerklik:

Here, ek kom en petisie voor U dat U nie sal stilbly nie, o God van my lofpryse, want die bose, en die mond van die bedrieërs staan oop teen my: hulle het teen my gespreek met ‘n leuenagtige tong. Hulle het my omring met woorde van haat; en teen my geveg sonder ‘n rede. Vir my liefde het hulle vyandskap gegee: maar ek gee myself in gebed. Hulle beloon my goedheid met boosheid, en my liefde met haat.

Here, ek vra dat U sal help om my te bevry van my vyande, omdat U genade goed is. Help my, o God, en red my volgens U genade, sodat hulle kan weet dit is U Hand en dat U, o Here, dit gedoen het. Skenk genade aan my, o Here, want ek is swak. Genees my, o Here, want my gebeente word gekwel en geteister. My oog het dof geword van droefheid; dit het swak geword a.g.v. al my vyande.
Beoordeel my, o Here, volgens U geregtigheid en integriteit wat in my is. My verdediging is van U, o Here, wat die opregte van hart uitred.

Gaan weg van my, al jul werkers van ongeregtigheid, wat die Here het my geween gehoor. Die Here het my smeking gehoor; die Here sal my gebed antwoord.
Here, soos my vyand vervloeking liefgehad het, laat dit op hom kom: soos wat hy nie in my seën behae gehad het nie, laat dit ver van hom as bly. Here, in ‘n profetiese aksie stroop ek nou myself van enige klere van vervloeking, verwyder ek enige vervloekte gordels en vra dat U dit sal verteer met U vuur. Ek vra dat die Bloed van Jesus Christus van Nasaret my ingewande en beendere sal heilig en reinig van enige besoedeling in die Naam van Jesus Christus van Nasaret.

Here, laat my vyande met skande geklee word, en laat hulle hulself bedek met hul eie verwarring, soos met ‘n mantel. Here, slyp U swaard, buig U boog en pyle teen my vervolgers.

Ek sal die Here grootliks prys met my mond, ja, ek sal Hom tussen die menigtes prys! Want Hy sal staan aan die regterhand van die arme om hom te red van diegene wat sy siel veroordeel. Ek sal lofpryse sing tot eer van die Naam van die Here, die Allerhoogste. In die Naam van Jesus Christus van Nasaret bid ek dit.

AMEN.

DATUM: _____

GETEKEN: _____

_____

18. PETISIE VOOR GOD TEEN VALS PROFETIESE WOORD VIR GEMEENTES

Laat ons eers kyk na wat die Woord van God sê oor die vals profeet en die vals profetiese woord:

Die dissipels het aan Jesus gevra in **Mat. 24:3,** ***"****Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?"* **vers 4:** *[4]"En Jesus antwoord en sê vir hulle: Pas op dat niemand julle mislei nie."*

Dan verduidelik Jesus sake aangaande oorloë, ens., en in **vers 10** sê Hy: *[10]"En dan sal baie* ***tot struikel gebring*** *word en mekaar verraai en mekaar haat."* **Vers 11** *[11]"En* ***baie valse profete*** *sal opstaan en baie mense mislei."* **Vers 12** *[12]"En omdat die* ***ongeregtigheid*** *vermeerder word..."*

Hoor wat het die Woord te sê oor wetteloosheid in **2 Tess. 2:6-12: Vers 11 ...** *[11]"En daarom sal God hulle die* ***krag van die dwaling*** *stuur, om die leuen te glo..."* Daarna die misleiding deur vals wonders en tekens.

Dit is dus duidelik dat **aanstoot** die vals profete voorafgaan. Dit is asof aanstoot 'n pad maak vir die vals profeet. A.g.v. hierdie **misleiding** sal wetteloosheid toeneem, en dan sal God self die **mag van misleiding** stuur – in watter vorm ookal.

In **1 Sam. 15:23** sê die Woord van God: *[23]"Want wederstrewigheid is 'n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is afgodery en beeldediens."* Ons kan dus tot die gevolgtrekking kom dat rebellie teen die Woord van God 'n vloek van sterk misleiding meebring. Wanneer 'n persoon of 'n gemeente onderworpe is aan hierdie spesifieke toestand, sal dit moeilik wees om vals profete te onderskei, sowel as vals tekens en wonders.

Volgens die Woord in **Hand. 16:16,** was die diensmeisie beset met 'n **waarsêersgees,** ook genoem **"gees van die luislang"** in die Darby vertaling. Hierdie gees probeer ons en ons gemeente daarvan weerhou om God se wil te doen.

Hierdie gees handel presies soos ‘n ware luislang. Stadig, maar seker vernietig dit alle hoop, geloof, visie en drome. Hierdie gees werk saam met die **Jesebelgees.** Ons weet dat Jesebel nie slegs heksery gebruik het nie, maar ook ‘n platform daargestel het vir die vals profete van Baal, sowel as vir heksery.
Waar hierdie gees werk, sal ons gewoonlik die volgende vind: ‘n gees van **krankheid, depressie, swaarmoedigheid, dood, ontmoediging, manipulasie, intimidasie (vrees) en godsdienstigheid.**

Dit is dus van groot belang dat ons behoorlik handel met alle **aanstoot** en rebellie in ons eie lewens. Handel met al sulke dinge waarvan kennis gedra word in gewese en huidige sake aangaande die gemeente. Vertrou die Heilige Gees om lig te bring aan almal wat in duisternis is.

[23]”Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe.” - **Spreuke 4:23**

PETISIE-GEBED (Bid hardop)

Ons verklaar dat ons God, die God van Abraham, Isak en Jakob is, Hy is God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees **(Eks. 3:6)**. Ons verklaar dat U die Skepper van die Hemel, aarde, die waters en die waters onder die aarde is **(Eks. 20:4),** die aarde behoort aan U en die volheid daarvan.

Here, ons verklaar in die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God **(Joh. 1:1)**. Ons onderwerp onsself – gees, siel en liggaam, nou aan U. Ons onderwerp ook ons verstande, gedagtepatrone, gedagtes, gawes en vermoëns aan U, o God. **(Jak. 4:7).**

Hemelse Vader, God van Israel, in die Naam van U Seun, Jesus Christus, wil ons na aan U kom in alle nederigheid, om U as Regter van die heelal, te vra om ons toe te laat om voor U Troon te kom staan. Ons pleit met U om ons saak aan te hoor. Ons vra U om te oordeel tussen hierdie gemeente en satan. Daarom vra ons die aanwesigheid van satan aan tydens hierdie verhoor.

Ons verklaar onomwonde dat slegs as gevolg van die beskerming van die Kosbare Bloed van Jesus Christus, waag ons nou om in U teenwoordigheid te kom. Ons geregtigheid is nie vanuit onsself nie. Slegs deur die Bloed van U Seun is ons regverdig.

Hemelse Vader, ons verklaar in die Naam van Jesus Christus van Nasaret dat ons glo in die God van Israel – die God van Abraham, Isak en Jakob.

Dit is met hierdie God dat ons ‘n Bloedverbond het deur die Bloed van Jesus Christus van Nasaret, die Enigste Weg, die Waarheid en die Lewe, deur Wie se Bloed ons vrygekoop is. Ons glo ook in God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees.

Dit is deur hierdie Bloedverbond dat ons die vrymoedigheid het om hierdie petisie voor U te bring.

Ons kom voor U en bely al ons sondes (bewustelik en onbewustelik). Ons bely alle onbelyde sondes / ongeregtighede van ons voorgeslagte, sowel as van hierdie gemeente en van die vorige leiers van hierdie gemeente. **(2 Pet. 3:9; Open. 3:19; Hand. 17:30; 1 Joh. 5:16).**

Ons bely:

- alle **aanstoot, bitterheid en haat**, en dat ons onsself oopgemaak het vir misleiding **(Mat. 24:10,11);**
- alle **vals profete** wat nie deur God gestuur is nie, maar wat toegelaat is om te profeteer in hierdie gemeente **(Eseg. 13:6; 1 Tim. 4:1);**
- alle **vals profesieë** wat vanuit hierdie gemeente gegaan het **(Eseg. 13:2-8);**
- elke keer dat ‘n **leuengees** en ‘n **waarsêersgees** toegelaat is om op te tree **(Eseg. 13:9);**
- (vir) die **vloeke** wat op God se kinders gekom het toe hulle verblind is deur die leuengees, en daarna versluier is en seergekry het **(Eseg. 13:21-22);**
- elke keer wat profete gebruik is as **waarsêers/wiggelaars** om te profeteer volgens die **afgode** in ons harte (**Eseg. 14:4);**

- elke keer wat **sielskrag en verstandsbeheer** gebruik is om antwoorde van profete te verkry;
- elke keer wat leiers of gemeentelede **fortuinvertellers** (familiêre geeste) en sangomas geraadpleeg het vir inligting;
- (ook vir) die feit dat die **gees van die luislang** gevoed is op hierdie manier;
- elke keer wat die profetiese woord verag is **(2 Pet. 1:19);**
- onkunde aangaande die profetiese woord a.g.v. gebrek aan lering;
- alle **geld** wat betaal is aan vals profete en die vloeke wat op ons en ons gemeente gekom het as die gevolg daarvan;
- elke keer wat die Heilige Gees bedroef is **(2 Pet. 1:21);**
- elke keer wat die ware profete van God nie onderskei is nie en moontlik geestelik doodgemaak is omdat hulle verwerp is.

Ons weier alle rebellie en hardkoppigheid, omdat dit in U oë soos die sonde van heksery, ongeregtigheid en afgodery is **(1 Sam. 15:23).** Ons weier ook alle owerhede en magte betrokke in waarsêery. Ons weier alle leuens wat ons geglo het as gevolg van misleiding. Ons weier alle vermoëns, range, outoriteit en wettige regte wat hierdie gees in ons lewens ontvang het, en verklaar dit kragteloos in die Naam van Jesus Christus van Nasaret.

Vader ons vra in die Naam van Jesus dat U ons gebede sal aanhoor en ons vergewe. Ons vra U vergifnis en ons bring nou alle sonde, selfs dié waarvan ons onbewus is, onder die Bloed van Jesus Christus van Nasaret. Ons vra dat U die vloeke van isolasie van U voorsiening (hongersnood, armoede, droogte, ramp) en U toorn / wraak sal omdraai in guns en seën. Ons vra dat U alle geld sal reinig wat aan afgode gegee is, ook dat U U magtige Arm sal verwyder wat teen ons uitgestrek is in oordeel a.g.v. ons ongeregtighede en ongeregtigheid. Ons vra dat U genade aan ons sal bewys **(Eseg. 14:13).** Vader, red ons uit die hand van ons vyande sodat ons sal weet en uitroep dat U die Here is! **(Eseg. 13:23).** Ons dank U vir U vergifnis en bid dat die Bloed van Jesus Christus van Nasaret ons sal reinig en skoonmaak van alle ongeregtigheid. **(Efes. 1:7; 1 Joh. 1:7; Heb. 13:12).**

Ons vra in die Naam van Jesus Christus van Nasaret dat U ons sal lossny – gees, siel en liggaam – van elke vals profeet en dat U alle kontakpunte en staanplekke wat hulle in ons lewens en in dié van die gemeente ontvang het, sal vernietig.

Ons bind elke **poortwagter** en elke **familiêre gees** wat die **okkultiese poorte** van hierdie gemeente bewaak. Ons ontslaan hulle, stroop hulle van alle opdragte, mikpunte, outoriteit en mag. Ons vra dat U al hul dokumente van aanstelling **(Kol. 2:4)** sal vernietig, en hulle sal beveel om te gaan in die Naam van Jesus Christus van Nasaret. Ons maak elke poort nou toe en vra U om die poorte te verseël met die Bloed van Jesus Christus van Nasaret.

Ons vra U Here, om U swaard te lig en hierdie gemeente los te sny van alle vorme van afgodery. Ek verklaar

Miga 5:11,12 - *11"Verder sal Ek uitroei die towerye uit jou hand, en jy sal geen goëlaars meer hê nie.*
12En Ek sal uit jou midde uitroei jou gesnede beelde en jou klippilare, sodat jy jou nie meer voor die werk van jou hande sal neerbuig nie."

Sefanja 1:4-6 – *4"En Ek sal my hand uitstrek teen Juda en teen al die inwoners van Jerusalem; Ek sal ook uit hierdie plek uitroei wat van Baäl oorgebly het, die naam van die afgodsdienaars saam met die priesters;*
5en die wat op die dakke die leër van die hemel aanbid; en die aanbidders wat by die HERE sweer en sweer by Milkom.
6Ook die wat van die HERE afvallig word en wat die HERE nie soek en Hom nie raadpleeg nie".

Ons sny nou hierdie gemeente los van die son en sy strale, die maan en sy strale en vier fases, die sterre en die planete. Ons verklaar volgens **Psalm 148** dat ons hulp nie van die berge (afgode) kom nie, maar van God Almagtig! Ons vra dat U engele sal aanstel as poortwagters om te waak oor hierdie poorte.

Vader, soos U die staf van Moses verander het in ‘n slang en weer terug na ‘n staf – U staf, vra ons dat U elke slang in ons lewens, bedienings en in hierdie gemeente sal verander in U staf **(Eks. 4:4)**. Ons vra dat daardie staf waarlik U soewereiniteit en koninklike salwing in ons lewens en gemeente sal dra. Dat die koninklike salwing in ons herstel sal word en gevestig sal word in die Naam van Jesus Christus van Nasaret.

Ons vra in die Naam van Jesus Christus dat U elke ware profetiese woord wat oor ons en die gemeente uitgespreek is, sal bevestig en verklaar elke vals profesie ongeldig. Ons vra dat U U Gees op ons sal uitstort en dat ons sal profeteer **(Hand. 2:18)** en dat elke lidmaat sal begeer om te profeteer volgens sy/haar geloof **(1 Kor. 14:1; Rom. 12:7).**

Here, ons vra nou U beskerming teen alle profete, leiers, selfs lede van die gemeente wat in hierdie gemeente wil bedien met ‘n **waarsêersgees** (rebellie), en **familiêre geeste** (gestorwe mensgeeste: **1 Sam. 28:8).** Ons petisie dat U alles wat in die duisternis gehou is na die lig sal bring. Ons vra U Here om enige sielskrag wat in werking is, kragteloos sal maak in die Naam van Jesus Christus. Ons dank U vir die Gees van die Here wat oor dié mense sal kom wat U Woord moet bring **(1 Sam. 10:6).**

Here, ons vra dat U hierdie plek sal vul met U engele, dit sal verseël met die Bloed van Jesus Christus van Nasaret, en ons vra dat U poorte nou geopen sal word. **(Ps. 24:7-10).** Dankie Here, vir U engele wat U poorte bewaak **(Open. 21:12; Ps. 24:7).** Dankie Here, dat U ons sal bedek met U skaduwee, en dat ons onder U vleuels skuiling sal vind, en ons dank U dat U waarheid ons skild is. **(Ps. 91).**

Ons dank U Vader, dat U ware profetiese Woord nou in hierdie gemeente sal vloei in die Naam van Jesus Christus van Nasaret. U Woord sê dat ons daarna moet streef om te profeteer.
AMEN

Geteken: _____

Datum: _____

19. GEBED OOR KAAPSTAD [Kan aangepas word by ander stede.]

Vader, in die Naam van Jesus, vra ons U om elke ding wat op U hart is te volbring. Ons maak die poorte van Kaapstad oop, ten einde alles te volbring wat op U hart is. Here, ons is hier vir U; o Seun van Dawid, ons is U s'n. Ons is nie hier om ons eie doel en wil te bereik nie, maar om U te verheerlik.

Ons vra dat U sal beweeg deur die krag van U Gees. Ons maak die deure van ons harte oop; ons maak die poorte van Kaapstad oop. Ons maak die poorte in die hemele, die aarde en onder die aarde oop. Ons maak die poorte vir U oop sodat U kan binnekom op 'n nuwe wyse, sodat U Koninkryk kan kom, U Koninkryk gevestig kan word, U doel vervul kan word, en U wil in ons lewens volbring kan word – in ons families, en in Kaapstad!!

Ons vra dat U wil hier op aarde sal geskied soos in die hemel. Laat dit so wees, Here, dat geeneen van U planne sal faal nie; geeneen van U raadsplanne sal val nie. Ons vra dat U ons sal beweeg, aandryf deur die krag van U Gees, sodat elke gedagte in U hart, elke raadsplan van U, vervul sal word. Ons dank U, Vader, omdat U magtig is om veel meer te doen as wat ons kan bid of dink, omdat ons vra in die magtige, wonderlike Naam van Jesus Christus.

Jakobus 4:7 Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug.

Onderwerp jou aan God op 'n nuwe wyse. Onderwerp jou gees, jou siel, jou hart, jou verstand, jou ingesteldheid, jou liggaam (sodat moegheid nie die oorhand kry nie), vir die doel van Sy werke, omdat die Here 'n nuwe ding wil doen!!

Here, ek kom nederig voor U te staan vandag. Ek onderwerp myself aan U, ek, _____, onderwerp my gees, siel, liggaam, hart, alles in my, ek onderwerp my vermoëns, my ledemate, my geheue, my gedagtes aan U. Ek onderwerp my verstandsingesteldheid.

Ek onderwerp selfs die Woord wat U aan my gegee het. Ek onderwerp my totaal aan die Heilige Gees. Ek onderwerp myself aan die hulp, die Leierskap, die salwing, en die krag van my Almagtige God; aan die lewendmaking van die Heilige Gees en aan die krag van Sy Woord. Ek onderwerp myself aan U.
Ons onderwerp die atmosfeer op hierdie terrein aan U, ons onderwerp vanaf die hoogste hemele tot by die diepste van Kaapstad aan U. Ons onderwerp dit aan U en vra U om dit te bring onder die dekking van die Bloed van Jesus. Dankie Vader.

LAAT ONS NOU ONS STEMME VERHEF EN BID EN DIE VYAND WEERSTAAN:

Vader, ons pleit die Bloed van Jesus Christus oor die atmosfeer van Kaapstad. Ons pleit die Bloed van Christus oor die inwoners van Kaapstad; oor die hemele, die son, die maan en die sterre. Onder die aarde bring ons ook die inspraak van die Bloed van Jesus en ons verklaar aan die magte van duisternis: die bloed van Jesus is teen jou, die Bloed van Jesus veroordeel jou werke op elke gebied waar jy ons wil hinder, op elke gebied waar jy ons wil teenstaan! Ons bestraf jou, ons weerstaan jou, ons frustreer jou planne! Ons ontwortel elke gedagte, elke plan en elke idee wat jy in die harte van mense geplant het ten einde die Heilige Gees en die Woord van God teen te staan. Ons ontwortel al hierdie dinge in die Naam van Jesus. Ons keer die strydwaens van die vyand in die hemele om oor hierdie stad! Ons vra dat God se wil hier op aarde gedoen sal word soos in die hemel. AMEN.

Kom ons vat nou hande en bid saam:

Hemelse Vader, ons dank U, die Vader van onse Here Jesus Christus, die ewige God. Die Skepper van die hemel en die aarde, die God wat die son en die maan en die sterre gemaak het; die God wat die hemel uitgesprei het soos ‘n gordyn, die God wat sit op die beperkinge van die aarde, en die inwoners is soos sprinkane voor Hom.

Die Almagtige God, die God wat die grense stel vir die seë, sodat, selfs al dreun hulle met vele branders, hulle nie hul grense kan oorsteek nie.

Onse Vader, ons dank U, die God van Israel, die God van Abraham, Isak en Jakob. Ons verhoog U Naam in Kaapstad vandag, omdat U Kaapstad geskep het; U het ‘n stad geskep vir U genot en vir U alleen.

Die Woord sê dat U selfs territoriale engele aangestel het om die wag te hou oor daardie dele van lande wat U geskep het vir verskillende mense om in te woon. Vader, ons dank U, omdat, toe die mens sy outoriteit verloor het in die tuin van Eden, het U U Seun, Jesus Christus gebring, en Hy het ons verlos. Hy het versoening bewerkstellig tussen U en alle ander dinge deur Sy Bloed (Kol. 1:20).

Daarom, hier waar ons vandag by hierdie altaar staan, bring ons die Stem van die Bloed van Jesus oor Kaapstad; ons bring die Stem van die Bloed van Jesus teen die stemme van die altare van die duiwel. Ons bring die Stem van die Bloed van Jesus in die son, maan, en die sterre. Ons bring die Stem van die Bloed van Jesus in die waters van Kaapstad en ons bring die Stem van die Bloed van Jesus in die Weskaap. Ons bring die Stem van die Bloed van Jesus selfs in die binneste dieptes van die aarde, in die grafte. Daar staan geskrywe: Toe Hy opgevaar het in die hoogte, het Hy die gevangenes gevange geneem en gawes aan die mense gegee (Efes. 4:8).

Ons verklaar nou die Heerskappy van Jesus Christus van Nasaret oor Kaapstad. Ons keer die strydwaens van die vyand om; elke verwelkomingsparty wat die vyand gereël het in Kaapstad vir satan en sy dienaars; elke teenkanting wat die vyand in plek geplaas het om die plan en doel van God te verhinder. Ons stroop daardie opposisie van alle krag, ons frustreer die gedagtes van leuenaars, ons verklaar waarsêers tot verwarring en ons draai al hul ‘wysheid’ om, en hul kennis verklaar ons tot dwaasheid.

Ons verwyder die wiele van hul strydwaens, in die Naam van Jesus!! Ons kanselleer hul eise, deur die stem van die Bloed van Jesus; enigiets wat in plek geplaas is in die geestesrealm ten einde God te opponeer en die Kerk van Jesus Christus te opponeer, om ons te opponeer ten einde vorentoe te beweeg; om ons teen te staan in die raadsplan van God; om ons teen te staan in ons ontvangs van genade; om te verhinder dat ons 'n vars salwing ontvang – ons weerstaan daardie magte van duisternis, in die Naam van Jesus Christus van Nasaret.

Ons profeteer vir die poorte van Kaapstad: Hef op julle hoofde, O poorte, ja, verhef julle, ewige deure, dat die erekoning kan ingaan!! (Ps.24:9)

Ons profeteer vir die poorte en die deure van die harte van mense: ***Hef op julle hoofde, o poorte, ja, verhef julle!*** Laat die Woord van God vrugbaar wees, laat dit vloei soos 'n rivier van lewe, laat dit ons, die Liggaam was, ten einde die Bruid voor te berei, om ons te maak sonder vlek of rimpel. Laat die Woord van God wees soos vuur wat elke vullisgat van leuens in Kaapstad uitbrand! Alles wat die duiwel in plek geplaas het, die eeue-oue altare wat in plek geplaas is, laat die Woord van God wees soos vuur wat hierdie dinge verbrand en vernietig!!

Ons verklaar God se besoeking oor Kaapstad in hierdie dag. Ons verklaar die wraak van God teenoor Sy teëstander. Here, ons vra dat U verwarring sal skep in die vyand se kamp in die hemele; laat U hemele geopen word, laat die hemele van God geopen word oor Kaapstad! Ons vra dat U U territoriale engele sal uitstuur; die engele in bevel van U doel en plan vir Kaapstad! Ons vra dat U hierdie engele sal uitstuur op grond van U Woord wat sê dat hulle aangestel is om te dien in die jaar van redding.

Ons vra U om hulle uit te stuur. Stuur hulle uit! Stuur U strydwaens van vuur; stuur U perde oor hierdie stad, sodat die wil van God gedoen kan word in Kaapstad, net soos in die hemel.

Here, ons/ek bied onsself/myself, _____/_____, aan U vandag. Ek onderwerp my talente aan U. Ek bid dat die Woord van God sal seëvier; dat die Woord van God vrylik uit my sal vloei, Vader, sodat Jesus verheerlik kan word. Ons bid, Here, dat die Heilige Gees sal beweeg op ‘n besondere wyse; ‘n wonderlike wyse, dat die saad van die Woord van God geplant sal word en elke doring ontwortel sal word wat gestuur is om dit te versmoor; elke misleidende tong ontwortel sal word – sodat die Woord van God behoorlik geplant kan word! Here, ons bid dat U die geestelike ore van alle mense sal open, sodat hulle sal hoor wat die Gees vandag vir die Kerk sê. Dankie Vader, omdat U in staat is om te doen ver bo alles wat ons kan bid of dink, omdat U krag aan die werk is in ons. In die Naam van Jesus Christus van Nasaret. AMEN.

Here, ons dank U vir hierdie dag. Weereens wy ons ons vergadering hier, aan U toe. Here, indien daar enigiets verkeerd is in ons as individue of hierdie korporatiewe vergadering, vra ons dat U ons gereed sal maak om waardig te wees om U Stem te hoor. Ons kom in geloof; ons bring die Bloed van Versoening. Here, ons vra U nou om dit te sprinkel in die geestesrealm, in die Naam van Jesus Christus, vir versoening en verlossing. Ons petisie, o God, toelating tot U midde, deur geloof, in die Naam van Jesus.

Weereens, wy ons hierdie vergadering in heiligheid aan U toe, ons verwyder elke inset uit die hel vanuit hierdie plek, in die Almagtige Naam van Jesus.
Ons sny en ontkoppel alle rangskikkings van leylines, en verbreek alle verbindinge met okkultiste, Buddhiste, Vrymesselaars en New Agers.

Ons spreek in die hemelse plekke in; ons spreek in die maan, die son en die sterre, deur die Bloed van Jesus Christus; Ons wis elke woord uit wat ooit gespreek is teen die werke van God, die bevele van die towenaars en die territoriale verteenwoordigers van duisternis; ons wis dit totaal uit in die Naam van Jesus!!

Ons verklaar dat U Koning is!! Ons bevestig U troon op hierdie dag! Dankie, onse Vader, in Jesus se Magtige Naam!!

AMEN.